**Maart - April 2020**

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

**Vol. 19, No. 2** **Vertalings uit ’n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2019 *Tomorrow's World*-tydskrif**



*’n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Stukke van die profetiese legkaart in Europa

Die Britte was moeg daarvoor dat Brussel aan hulle voorskryf watter komkommers aan die Europese Unie se kwaliteitstandaarde voldoen en bemark mag word. Dit was egter 'n geringer kwessie in vergelyking met visvangkwotas wat geplaas was op die waters wat die Britte as hulle eie beskou het. Daarbenewens was daar die betalings om swakker EU-ekonomieë te subsidieer. Kortom, Brittanje was besig om sy soewereiniteit te verloor en baie Britte het nie daarvan gehou nie.

Die Britse eerste minister, destyds David Cameron, het besluit op wat beskou was as 'n goed berekende dobbelspel, om die probleem op te los. Op 20 Februarie 2016, het hy aangekondig dat hy die mense sal laat besluit of hulle binne die Europese Unie moet bly of om dit te verlaat. “Hy het gesê dat hy sal veg om in 'n nuutgevonde EU te bly en hierdie stemming as een van die grootste besluite 'in ons leeftyd' beskryf”. (“*EU-Referendum: Cameron sets June date for UK vote,” BBC.com*, 20 Februarie 2016).

Die referendum was vir 23 Junie 2016 bepaal. Die kleurryke voormalige Londense burgemeester Boris Johnson, die vuurvreter Nigel Farage en die LP Michael Gove het die “*Verlaters*” [*Leave forces*] gelei, maar die verwagting was dat die mense uiteindelik aan die status quo sou vashou, eerder as om 'n sprong in die donker van 'n onseker toekoms te waag. Min mense het geglo dat die Britte dit sou doen. Die leier van die Arbeidersparty, Jeremy Corbyn, wou hê dat Brittanje deel van die unie moet bly, *maar het geweier om Cameron te ondersteun*. Hy wou eerder die konserwatiewes tot 'n val bring en sy eie “*Remain*”-ooreenkoms bereik [die mense wat daarteen was om die EU te verlaat].

**Die storm het aangebreek**

Ek was die aand van die stemming in Brussel, besig om 'n Belgiese burger in 'n buitelug-restaurant naby die EU-parlement te geniet. Teen die einde van die ete was dit duidelik dat 'n groot donderstorm aan die kom was en ek en my kollega het besluit dat dit tyd was om te vertrek en dit was net betyds. Sy satellietnavigasiestelsel het hom net betyds gewaarsku om 'n belangrike vierbaan snelweg te verlaat of om ure lank opgehou te word as gevolg van omgewaaide bome, beskadigde kraglyne en oorstromings. *Dit was 'n geweldige storm*.

Terug in my hotel in Charleroi het ek die televisie aangeskakel om die jongste nuus te sien. Boris Johnson sowel as Nigel Farage het hulle teleurstelling uitgespreek dat Brexit gou daarna sou volg. Dít was die algemene opinie op daardie stadium. Met die uurlange ver-skil in tydsones en die stembusse wat laat gesluit het, het ek besluit

om tot die oggend te wag om die onvermydelike te hoor.

Die geweldige storm wat die gebied van Brussel dié nag getref het, was niks in vergelyking met die storm wat Brittanje en die EU die volgende oggend getref het nie. Die Britte het die ondenkbare gedoen. Hulle het gestem om die EU te verlaat.

'n Egskeiding is selde maklik en gewoonlik nie so eenvoudig nie. Om egskeidingsdokumente in te dien is een ding. Om deur die besonderhede te werk is heeltemal 'n ander saak. Engeland en Wallis het gestem om uit te tree, maar Skotland, Noord-Ierland en Gibraltar het gestem om te bly. So onlangs as 2014 het die Skotse Nasionale Party 'n referendum gevra om die nie-altyd-so-verenigde Verenigde Koninkryk te verlaat. Die Skotte se dreigement om van die VK te skei en hulle by Europa te skaar, is nie 'n kwessie van leë woorde nie. Hoe om die probleem van grense tussen die Republiek van Ierland, wat in die EU bly en Noord-Ierland, wat deel uitmaak van die VK op te los, bly 'n "tammeletjie".

Die Brexit-krisis het in Januarie 2019 intenser geraak. Die ooreenkoms wat die eerste minister Theresa May met die EU gemaak het, moes deur die parlement bekragtig word, maar die parlement het vir "geen ooreenkoms" gestem met 'n verbysterende 432 teen 202 stemme. Die "Brexiteers" eis dat die ooreenkoms wat deur eerste minister May onderhandel is en nou verwerp is, die VK

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Stukke van die profetiese legkaart in Europa**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Waarom Paasfees vier?** 3
Die soektog na die waarheid

**Die komende botsings van beskawings** 8

**Wat is die aantrekkingskrag van Shariawet?** 10
Hoewel die Shariawet as streng en hardvogtig beskryf word, verkies baie Moslems regoor die wêreld hierdie wet. Waarom? Hulle motiverings sal u verbaas.

**'n Meditasie met betrekking tot brood en leë rakke** 15

**Die duiwel se dodelike misleidings** 16
Satan is die grootste bedrieër in die heelal. Die grootste deel van die wêreld is onder sy heerskappy. Hoe kan u sy leuens identifiseer en daarvan ontvlug?

**Dit is Londen wat roep NAVO: Bewaker van vrede?** 21

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Die werke van Sy Hande** 24


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Waarom Paasfees vier?

## Deur Gerald E. Weston

*Die soektog na die waarheid*

Wat het vierings tydens Paasfees [*Easter*] met die Bybelse weergawe van Jesus se dood en opstanding te doen? Om die waarheid te sê, baie min of heeltemal niks.

Laat ons begin met die naam. Soos baie wêreldse bronne verduidelik, is die naam *Easter* [Paasfees] van die Anglo-Saksiese Godin *Eostre, afkomstig*. Hierdie godheid staan algemeen bekend as die godin van vrugbaarheid en die Koningin van die Hemel en haar naam word verskillend in elke kultuur gespel. *Paasfees* [*Easter*] word verbind met *Ishtar* en *Istra* – om net 'n paar van die verskillende spellings van haar naam in verskillende tale te gee. Die Melkitiese Griekse Katolieke Kerk sê die volgende in verband met die oorsprong van die naam Paasfees *[Easter]:* "Ons moderne Engelse woord '*Easte*r' kom van Ou-Engels en het oorspronklik na *Istra*, die Noorse godin van vrugbaarheid verwys, wat deur 'n konyn gesimboliseer word" ("*Great Lent and Holy Week*," *Melkite.org*).

Die verband tussen die naam en baie Paasgebruike en die heidendom is 'n onbetwisbare geskiedkundige feit waarvan daar rekord gehou is. Dit behoort vrae uit te lok van enige weetgierige persoon. Lyk dit nie vreemd om die naam van 'n heidense godin te gee aan wat beskou word as die heel heiligste vakansiedag van belydende Christendom nie? Waarom sou leiers so iets toelaat of doen wanneer die Skrif ons uitdruklik verbied om heidense praktyke oor te neem? (Sien Deuteronómium 12:29-32; Jeremia 10:2.) Waarom spreek leiers van die hoofstroom Christendom hulle nie hieroor uit nie?

Wat meer is, die blatante heidense gebruike tydens die viering van Paasfees [Easter] hou nie net op by die naam nie. Sou 'n leergierige persoon nie wil weet wat het eiers, hasies, warm paasbolletjes en Belladonnalelies met die opstanding van Christus te doen nie? Die waarheid is dat dit ook van die heidense gebruike oorgedra is. Die gemiddelde persoon kan dit maklik met 'n klein bietjie navorsing uitvind. Is dit nie vreemd nie? Waarom sou die Christendom die gebruike aanhang wat algemeen in die aanbidding van 'n vreemde godheid is?

Min Sondag-kerkgangers is bekend met die geskiedenis van hulle godsdienstige praktyke. Dit is omdat hulle nooit oorgelewerde tradisies bevraagteken nie en op 'n stadium het ek dit ook nie gedoen nie. Waarom behoort ons dit te doen? Ons het vertrou dat ons ouers nooit vir ons leuens sal vertel nie – ten minste nie doelbewus nie. Of sou hulle? Waarom is dit heeltemal reg om vir kinders te jok wanneer dit by godsdiens kom? Dink byvoorbeeld aan Kersvader. Nie alleen vertel ouers vir hulle kinders leuens nie, maar priesters en predikante doen dit ook. Soos ons ouers het ons, ten minste vir 'n tyd lank, godsdienstige figure as betroubare inligtingsbronne beskou. Hulle is veronderstel om die Bybel te ken. Hulle het kollege toe gegaan om die Skrif te bestudeer en elke week hou hulle voet by stuk dat hulle ons vertel wat die Bybel ons leer – ten minste is dit die algemene siening van die rol wat hulle in ons lewens speel. Is hulle egter die kenners? Ongelukkig is dit nie die geval nie. Die leuens wat hulle ons vertel, word nie altyd ontdek in die daaglikse roetine soos die waarheid oor Kersvader en die Paashaas nie. Waar tradisie en waarheid ontmoet, wen tradisie gereeld. Waarheid sal altyd op die ou einde wen, maar die einde kan nog ver weg wees.

**Watter verskil maak dit?**

Hierdie feite met betrekking tot die oorsprong van Paasfees [*Easter*] is nie vir almal onbekend nie. Sommige mense is heeltemal vertroud met die twyfelagtige geskiedenis van Paasfees maar vra, "watter verskil maak dit?"

Die naam *Paasfees* [*Easter*],

asook die gepaardgaande heidense gebruike, is nie al wat met Paasfees verkeerd is nie. Daar is baie ernstiger probleme en dit is nie so algemeen bekend nie. Spesifiek is die algemeen aanvaarde dae van Jesus se kruisiging en opstanding verkeerd. Hy is nie op 'n Vrydag gekruisig nie en nié Sondag-oggend opgewek nie. Dit mag u skok, maar dit kan bewys word. Hoe kan dit wees? Watter verskil maak dit?

Wanneer hierdie waarheid in die Skrif uitgewys word, word besware geopper maar dit laat die feite buite rekening. Die belangrikste gedeelte en die rede waarom hierdie vraag só belangrik is, word in Matthéüs 12:38-40 gevind. “Toe spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag 'n teken van U sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.”

Let noukeurig op: Hierdie is die ***enigste teken*** wat Jesus gesê het sou bewys dat Hy is wie Hy beweer Hy is, die Seun van God. Probeer soos u wil dit is onmoontik om drie dae en drie nagte tussen laat Vrydagmiddag en vroeg Sondagoggend in te pas. Probeer dit self. Selfs indien u 'n paar minute van Vrydag-middag bytel, toe Hy voor die sonsondergang in die graf geplaas is en ook 'n paar minute van Sondagoggend, het u steeds net drie dae en twee nagte. Dit is ruim bereken indien ons baie klein gedeeltes van die dae aan die begin en einde as volledige dae tel.

**Het Jesus 'n fout begaan?**

*The Abingdon Bible Commentary* vertel ons prontuit dat Jesus 'n fout gemaak het: “Die verklaring wat gemaak is, is onakkuraat, want Jesus was slegs in die graf van Vrydagaand tot Sondagoggend met dagbreek”'. Dit is 'n baie ernstige aantyging! Was Jesus verkeerd toe Hy die **enigste** teken beskryf het wat sou bewys dat Hy die Messias is?

Die meeste kommentators aanvaar nie dat Sy stelling letterlik is nie, aangesien dit die tradisie weerspreek. In plaas daarvan, beweer hulle dat 'n gekombineerde dag en nag net 'n enkele dag van 24 uur beteken. Hulle beweer ook dat die eerste en die derde dag slegs gedeeltes van 'n dag hoef te wees. Daar is egter ernstige probleme met hierdie berekening. Soos gesien kan word uit die kommentaar hierbo, aanvaar minstens een gesaghebbende nie hierdie argument nie en beweer eenvoudig: “Die verklaring wat gemaak is, is onakkuraat ... ”

Selfs indien ons aanvaar dat die Griekse uitdrukking dele van drie dae beteken (en dit is glad nie seker nie), moet ons onthou dat Matthéüs 12:40 nie net van die Grieks afhanklik is nie. Jesus verwys ons na Jona en daardie verhaal is in Hebreeus geskryf. “Want **soos** Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, **só sal** die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.” Hoe lank was Jona dus in die buik van die vis? “En Jona was drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis” (Jona 1:17).

Die boek Jona is in die Hebreeuse taal geskryf en ons moet ook daardie taal en die algemene gebruik daarvan in gedagte hou om hierdie uitdrukking te verstaan. Bylaag 144 in *The Companion Bible* ondersoek die betekenis van drie dae en drie nagte, in die Hebreeuse gebruik daarvan. Nadat dit 'n tegniese verduideliking gee, verklaar dit uitdruklik dat “wanneer dit sê 'Jona was drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis' (Jona 1:17) beteken dit presies wat dit sê” en wys daarop dat “dit die enigste betekenis van die uitdrukking kan wees ... ”

Die Goeie Vrydag/Paas-sondag-tradisie word ingewikkelder as gevolg van die tydlyn wat in die Evangelie-verhale gevind word. Die Bybelse rekord is die enigste bron wat die tydsberekening van die kruisiging en opstanding weergee. Waarom aanvaar die meeste mense dan dat Jesus op 'n Vrydag gekruisig is? Die waarheid is dat baie van hulle geen idee het nie, maar hou by die tradisie wat hulle geleer is. Diegene wat 'n bietjie meer van die Bybel weet, verstaan dat Jesus gesterf het en begrawe is op die *voorbereidingsdag* – die dag vóór 'n Sabbat. Met Sy dood

het Josef van Arimathéa "... na Pilatus gegaan en die liggaam van Jesus gevra en dit afgehaal en in linne toegedraai en dit neergelê in 'n graf wat uit 'n rots gekap was, waar nog nooit iemand in gelê het nie. En dit was die dag van voorbereiding, en die sabbat wou aanbreek" (Lukas 23:52-54).

Die weeklikse Bybelse Sabbat begin Vrydag met sononder en eindig met sononder op Saterdag. Sonder om verder ondersoek in te stel, sou dit lyk asof Jesus Vrydagoggend omstreeks 09h00 gekruisig is, omstreeks 15h00 gesterf het en baie laat die Vrydagmiddag in die graf geplaas is. Is dít egter wat die Bybel sê? Baie foute word veroorsaak deur ondeurdagte aannames en hierdie is júis so 'n fout. Daar bestaan geen twyfel dat Jesus op 'n voorbereidingsdag vir *'n* Sabbat gekruisig is nie, maar *watter* Sabbat was dit? Mense aanvaar bloot dat dit die *weeklikse* Sabbat was. Die jaarlikse Heilige Dae is egter ook Sabbatte van rus en elkeen van hierdie dae het 'n voorbereidingsdag wat dit voorafgaan. Was dit 'n *weeklikse* Sabbat of 'n *jaarlikse* Sabbat?

Jesus het aan die begin van die Pasga-dag die Pasga gehou saam met Sy dissipels (kort na sonsondergang op 14 Nisan). Dit word duidelik gemaak deur al drie Sinoptiese Evangelies. Hier is wat Lukas aangeteken het:

> "En die dag van die ongesuurde brode het gekom waarop die pasga geslag moes word. Toe stuur Hy Petrus en Johannes en sê: Gaan berei die pasga vir ons, dat ons dit kan eet. En hulle sê vir Hom: Waar wil U hê moet ons dit berei? En Hy antwoord hulle: Kyk, as julle in die stad ingaan, sal 'n man julle ontmoet wat 'n kruik water dra; volg hom na die huis waar hy ingaan. En julle moet vir die eienaar van die huis sê: Die Meester vra u – waar is die kamer waar Ek die pasga met my dissipels kan eet? ... En hulle het gegaan en dit gevind soos Hy vir hulle gesê het, en die pasga berei. En toe die uur kom, het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom. En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly" (Lukas 22:7-11, 13-15).
>
> Die sogenaamde "laaste avondmaal" was eintlik die Pasga, soos Markus en Lukas ook bevestig.

Dit is belangrik om te onthou dat God elke dag van sononder tot sononder meet en dit was die praktyk van die Jode in Christus se tyd. Daarom, toe Jesus *aan die begin* van die Pasga-dag saam met Sy dissipels aan tafel gaan sit het, was dit aand, *kort na sononder*. Meeste Bybelgeleerdes is vertroud met die feit dat Hy later daardie nag in hegtenis geneem is en gedurende die daggedeelte van dieselfde Pasga-dag gekruisig is. Hy het omstreeks 15:00 gesterf en is net voor sononder in die graf geplaas. Dit het alles gedurende die 24 uur van die Pasga-dag gebeur.

**Twee Sabbatte daardie week**

Min Sondag-kerkgangers besef dat Jesus, Sy Apostels en die Christendom van die Eerste Eeu, dae onderhou het wat baie verskil van dié wat baie mense vandag vier. Indien hulle Christus se voorbeeld gevolg het om die Bybelse Heilige Dae te onderhou, sou hulle besef het dat die dag ná die Pasga 'n *jaarlikse* Sabbat is – die eerste Dag van Ongesuurde Brood, 15 Nisan (Levítikus 23:5-7).

U mag dalk vra, "wat nou daarvan?" Nogtans verklaar dit 'n feit wat selde verstaan word en wat 'n groot teenstrydigheid tussen die Evangelie-verhale sou wees.

Die apostel Johannes verduidelik dat die voorbereidingsdag nie vir die *weeklikse* Sabbat was nie, maar vir 'n **jaarlikse** Sabbatdag – die dag wat op die Pasga volg. "En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – **want die dag van daardie sabbat was groot** – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word" (Johannes 19:31).

Indien Jesus op die 14de dag van Nisan gekruisig was, met ander woorde op die Bybelse Pasga, soos wat ons in die Skrif gesien het, is dit voor die hand liggend dat die volgende dag 'n jaarlikse Sabbat sou wees. Trouens, die 15de dag van

Nisan is *altyd* 'n Heilige Dag. Met hierdie feit in gedagte, laat ons op twee gedeeltes let wat daarop dui dat daar twee weeklikse Sabbatdae was – die jaarlikse Sabbatdag en die weeklikse sewendedag Sabbat, met 'n dag tussenin: "En **toe die sabbat verby was**, het Maria Magdalena en Maria, die moeder van Jakobus, en Salome speserye gekoop, om Hom te gaan salf" (Markus 16:1). Lukas vertel ons egter dat hulle die speserye voorberei het *voordat* hulle op die Sabbat gerus het. "En dit was die dag van voorbereiding, en die sabbat wou aanbreek. En die vroue wat saam met Hom van Galiléa gekom het, het ook gevolg en die graf gesien en hoe sy liggaam neergelê was. Daarop het hulle teruggegaan en **speserye en salf berei en op die sabbat gerus** volgens die gebod" (Lukas 23:54-56).

'n Mens kan nie speserye voorberei voordat dit gekoop is nie! Markus vertel ons dat hulle nie die speserye gekoop het voordat die jaarlikse Sabbat verby was nie. Lukas vertel dat hulle die speserye voorberei het en daarna op die weeklikse Sabbat gerus het. Hierdie twee verse lewer onweerlegbare bewys dat die vroue op die Heilige Dag (die jaarlikse Sabbat) gerus het, waarna hulle die speserye op 'n gewone dag gekoop en voorberei het voordat hulle op die weeklikse Sabbat gerus het. Dit is die enigste manier waarop hierdie verse met mekaar kan ooreenstem. Daar was dus twee Sabbatte met 'n gewone dag tussenin, óf die Bybel weerspreek homself.

Ons kan nou die tydlyn wat in die Skrif gegee word, soos volg bereken: Jesus het Dinsdag na sononder die Pasga gehou. Hy is gekruisig, het op die Woensdag gesterf en is net voor sononder in die graf geplaas. Teen sononder daardie aand het die jaarlikse Heilige Dag Sabbat begin, wat deur die daglig gedeelte van Donderdag geduur het. Vrydag was 'n gewone dag nét voor die sewende-dag Sabbat op Saterdag. Dus gee Woensdag-, Donderdag- en Vrydagnag ons drie nagte. Die daggedeelte van Donderdag, Vrydag en Saterdag gee ons dus drie dae – drie dae en drie nagte, net soos Jesus gesê het. Hy is laat op die Saterdagmiddag net voor sononder opgewek en toe die vroue Sondagoggend by die graf gekom het, was hy weg.

Daar is egter nog onbeantwoorde vrae, soos waarom skep Markus 16:9 die indruk – oppervlakkig beskou – dat Jesus op die eerste dag van die week (Sondag) opgestaan het. Dit is maklik verklaarbaar as gevolg van die feit dat daar geen leestekens in die oorspronklike Grieks was nie. Vertalers verskaf álle leestekens – somtyds volgens hulle vooropgestelde leerstellige vooroordele. Die meeste van die tyd kwyt hulle hul goed van hulle taak om die teks duidelik te maak, maar nie in hierdie geval nie. Die Ou Afrikaanse Vertaling lees: "En nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week, het Hy eers verskyn aan Maria Magdaléna ... ". 'n Komma is ná "week" ingevoeg. Aangesien daar geen leestekens in die oorspronklike teks is nie, is hierdie 'n arbitrêre besluit en die komma kon net sowel geplaas gewees het soos in die volgende vertalings:

- *"After Jesus rose from death, early on the first day of the week, he appeared first to Mary Magdalene" (Good News for Modern Man)*.

- *"Now after he had risen, early on the first day of the week, He appeared first to Mary of Magdala" (Williams – In the Language of the People).*

Soos ons kan sien, verwys die frase "vroeg op die eerste dag van die week" na wanneer hy aan Maria verskyn het, nié na toe Hy opgewek is nie. Die verskyning het plaasgevind "*nadat* Hy opgestaan het". Dit stem ooreen met Jesus se eie woorde om drie dae en drie nagte in die graf te wees asook met die Bybelse tydlyn wat aantoon dat daar twee Sabbatte gedurende die week van Sy kruisiging was.

**Maak dit vir God saak?**

Ons vra dus weer: "Watter verskil maak dit alles?" Dit is eenvoudig. Die *Goeie Vrydag/Sondagoggend opstanding se tradisie ontken die enigste teken wat Jesus gesê het Hy sou gee om te bewys dat Hy ons Verlosser is*. Die implikasies is van uiterste

belang! Is Jesus ons Verlosser of nie? Was Hy verkeerd oor die enigste teken wat Hy gegee het, soos die *Abingdon Bible Commentary* te kenne gee? Of is die Paasverhaal met al sy heidense gebruike geheel en al 'n vervalsing van die waarheid?

God het antieke Israel daarteen gewaarsku om nie gebruike van heidene van die volke rondom hulle oor te neem nie en dit sal goed wees om ag te slaan op hierdie waarskuwing: "... neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle (die nasies) aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie ... Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie" (Deuteronómium 12:30-32). Het God dan nou van plan verander? Dit is immers die Ou Testament waarmee, soos baie mense dink, "weggedoen" is. Hierdie redenasie is deel van die probleem.

Paulus het toe aan Timótheüs geskryf en hom herinner: "… en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus" (2 Timótheüs 3:15). Die enigste Skrif wat Timótheüs geken het terwyl hy grootgeword het, was daardie boeke van die sogenaamde Ou Testament. Onthou ook "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8). Die apostel Paulus vertel ons dat Jesus die Een was wat voor Sy menslike geboorte die waarskuwing gerig het in Deuteronómium 12. "... want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus" (1 Korinthiërs 10:4). Dalk is dít waarom Paulus die jong evangelis, Timótheüs, geleer het dat die Heilige Skrif hom wys kan maak tot saligheid en dat "[d]ie hele Skrif deur God ingegee [is] en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid" (2 Timótheüs 3:16).

**Kies waarheid bo dwaling**

In plaas daarvan om 'n bedrieglike vals Pasga te onderhou, het Jesus Sy dissipels in die nag waarin Hy verraai is, beveel om voort te gaan met die onderhouding van die Pasga, maar met ander simbole. Ons eet nie meer 'n fisiese lam met bitter kruie nie maar ongesuurde brood met 'n klein bietjie wyn. Nadat Hy hierdie nuwe simbole ingestel het, sê Jesus: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis" (Lukas 22:19). Hierdie is die ware onderhouding wat vervang is deur 'n vervalste seremonie.

Ons leef vandag in die inligtingstydperk en ly dikwels aan "inligtingoorlading"'. Tog het God van hierdie selfde tyd gesê: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet" (Hoséa 4:6). Die kennis waarna die profeet verwys, is nie tegnologies nie, maar geestelik, moreel en Bybels van aard. Mense weet nie wat God se plan met hulle is nie. Hulle ken nie Sy doel vir die mens en hoe om daardie doel te verwesenlik nie.

Feite is nie die probleem hier nie. Die geskiedenis vertel ons dat Paasfees deurdrenk is met heidense tradisies. Die Bybel openbaar 'n ander tydlyn van die Goeie Vrydag/Sondagoggend-tradisie. *Die probleem is dat mense nie die oorsprong van hulle godsdienstige herdenkings ernstig opneem nie*. Sommige mense mag vra: "Watter verskil maak dit? Kom ons raak nie fanaties oor hierdie dinge nie"'. Sommige mense wat hierdie artikel lees mag dalk aanstoot neem oor die waarheid. Ander mag onaangeraak bly omdat hulle reeds weet dat die vierings rondom die sogenaamde Paasfeesverhaal aan heidense gebruike ontleen is. Die meeste mense wat dit lees, blaai net na 'n ander artikel of doen iets anders en is heeltemal onaangeraak. *Baie min mense* sal ernstig bevraagteken waarom hulle die dinge doen wat hulle doen. *Slegs 'n paar* van die mense sal die moed hê om gebruike wat deur die Bybel veroordeel word te laat vaar. Slegs hierdie paar mense sal in staat wees om God se doel en plan vir die mensdom ten volle te verstaan. Sal *u* voortgaan met mensgemaakte tradisies of het u die moed om God eerste te stel?

WvM

# Keerpunte in wêreldgeskiedenis
·
# Die komende botsings van beskawings

## Deur Douglas S. Winnail

Vir byna vyf eeue het die Westerse nasies groot gedeeltes van die wêreld oorheers. Gedurende hierdie era het Europese nasies en later die Verenigde State, mag verkry en die invloed van die Westerse beskawing oor die grootste deel van die wêreld versprei. China en Japan is deur middel van geweld vir Europese en Amerikaanse handel toeganklik gemaak. Afrika, Indië en die grootste deel van Asië was oorweldig en deur Westerse magte verdeel. Die Russiese Ryk is deur die kommuniste tot 'n val gebring en het daarna die Koue Oorlog teen die Weste verloor.

Tog het die verloop van die geskiedenis in die afgelope dekades 'n ander rigting ingeslaan en ons het 'n nuwe era betree. Geleerdes merk op dat "die uitbreiding van die Weste" in die twintigste eeu tot 'n einde gekom het en "die opstand teen die Weste" begin het namate ander beskawings weer op die wêreldtoneel tevoorskyn gekom het (*The Clash of Civilizations and the Remaking of World Order*, Samuel P. Huntington, bl. 53). Vandag staan ons voor *'n ander belangrike keerpunt* in die geskiedenis – "een van daardie seldsame oomblikke in die geskiedenis wanneer die politieke en ekonomiese spil van die wêreld verskuif" – weg van die Weste af en nader na die Ooste beweeg (*The Dawn of Eurasia*, Bruno Maçães, bl. 1).

Hoe sal hierdie groot verskuiwing die wêreld beïnvloed wanneer beskawings in die Ooste na vore tree om die eens-dominante Westerse magte uit te daag? Terwyl wêreldse ontleders probeer om die geopolitieke toekoms uit te pluis, besef min mense vandag dat dáárdie belangrike toekomstige gebeure lank gelede al in antieke Bybelprofesieë voorspel is. Selfs nog minder mense begryp die profetiese betekenis in van huidige gebeurtenisse wat begin ooreenstem met gebeure wat al voorspel was om plaas te vind vóór die Wederkoms van Jesus Christus. Vandag het baie mense ook vergeet dat God die verloop van die geskiedenis lei en dat Hy nasies se opkoms en ondergang, ooreenkomstig Sy doel, teweegbring (Job 12:23; Daniël 2:21; 4:17).

**Eindtydse Bybelse profesieë**

Terwyl die Hebreeuse profeet Daniël omstreeks 539 v.C. tussen die Joodse ballinge in Babilon was, is 'n droom aan hom gegee in fyn besonderhede in verband met die verre toekoms. In Daniël 11:40-45 teken hy aan dat "in die tyd van die einde sal die koning van die Suide" ('n Arabies-Moslem-moondheid) teen "die koning van die Noorde" ('n eindtydse Europese moondheid) "in botsing kom, en die koning van die Noorde" sal dan die Midde-Ooste binnegeval en Jerusalem beset. Daniël skryf ook in vers 44: "Maar gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref." Vandag lê Rusland *noord* van Jerusalem en Irak, Iran en China lê na die *ooste*. Ander profesieë in Openbaring 9, dui aan dat hierdie Europese mag 'n vyf-maande lange aanval in die noorde en ooste aan die gang sal sit wat 'n groot militêre reaksie sal ontketen waartydens een- derde van die mensdom uitgewis sal word. Uit die perspektief van Bybelse profesieë, is dit nie toevallig dat 'n aggressiewe Rusland en 'n meer aanmatigende China weer na vore gekom het terwyl die mag en invloed van die Weste afgeneem het nie.

**Terugkeer van Rusland**

Die huidige leier van Rusland, Vladimir Putin, is 'n toegewyde nasionalis en voormalige KGB-lid met sterk Ortodokse oortuigings. Ontnugter deur die

ineenstorting van die USSR en die mislukking van Marxisme, was dit sy doel om 'n gebroke land te herenig en as 'n moderne *Peter the Great*, die nasionale trots van Rusland te herstel. Hy herinner die Russe daaraan dat hulle die invalle van die Weste wat geloods was deur Napoleon en Nazi-Duitsland afgeweer het. Onder sy wakende oog het die Ortodokse Kerk, die kommunistiese party as die grondslag van die Russiese samelewing vervang. Soos Samuel Huntington opgemerk het: "*Vyande* is noodsaaklik vir mense wat hulle identiteit en etnisiteit wil herontdek" (Huntington, bl. 20). Vir baie mense, soos Putin, is Amerika en ander nasies van die Westerse Beskawing, geskikte kandidate vir daardie rol.

As leier van een van die kernnasies van die Ortodokse beskawing, is Putin bekommerd oor die verspreiding van NAVO in Oos-Europa asook oor China se ekonomiese en kulturele vooruitgang in Wes-Eurasië. Putin se alternatiewe plan is om 'n sone van Russiese invloed, die Eurasiese Ekonomiese Unie (EEU) te skep wat as teenwig sal dien vir die Europese Unie asook die invloed van China se Nuwe Syroete Inisatief ['n vroeëre handelsroete] sal teenstaan – selfs al deel China en Rusland 'n kommunistiese verlede asook 'n historiese vervreemdingseffek van Westerse waardes. Indien Putin se KGB verlede in gedagte gehou word, is dit nie verbasend dat Rusland namate sy mag toegeneem het, verhoogde staatsgesag asook die brutale onderdrukking van meningsverskille ervaar het nie. Die onlangse anneksasie van die Krim en Oos-Oekraïne (wat beide hoofsaaklik Russies en Ortodoks is), bied insig in hoe 'n aggressiewer Rusland in die toekoms sal optree.

**China ontwaak**

Eurasië, die wêreld se grootste vasteland en die gebied waar 'n groot gedeelte van die wêreld se bevolking en hulpbronne voorkom, is oos van Jerusalem geleë. Hierdie streek bevat verskeie van die wêreld se grootste ekonomieë. Die mees gedugte en dinamiese land in Eurasië is China en sy huidige leier, president Xi Jinping, probeer om die land se grootheid te herstel ná meer as 'n eeu van vernedering deur Westerse magte. Net soos Rusland het die Chinese regering ook 'n vyand nodig "om 'n stut te wees in sy oproep vir Chinese nasionalisme en sy mag te wettig" – 'n rol wat deur Amerika en die Weste vervul word (Huntington, bl. 224). Onder president Xi se leiding, is China se doel om sy geskiedkundige rol as die leier in Asië te hervat en om 'n belangrike speler op die wêreldtoneel te word. Tot nou toe bevorder hy 'n *Belt and Road Initiative* wat enorme hulpbronne aan die bou van paaie, spoorweë, hawens, kragstasies en pypleidings regoor Asië en regoor die wêreld verskaf. Hy streef daarna om handel en geopende markte vir Chinese arbeid en produkte te verbeter en om aan China toegang tot hulpbronne te gee – olie, gas, steenkool en minerale – wat sy groeiende ekonomie desperaat nodig het.

President Xi se aggressiewe leierskap het nogtans kommer onder China se bure en ander wêreldmagte gewek. Enorme lenings aan minder ontwikkelde nasies sal daardie lande onder 'n groter verpligting plaas om China se belange te ondersteun. Sommige mense vrees dat sy ontwikkelende infrastruktuur en vervoer projekte gebruik kan word om Chinese troepe te verskuif. Soos Putin, het Xi gewys dat hy gewillig is om streng op te tree teen interne verdeeldheid en hy het 'n belofte gemaak om sy land se belange en inwoners te beskerm wat in die buiteland woon. China het onlangs 'n militêre basis by die Rooi See in Djiboeti gestig om Chinese belange te beskerm. Terwyl sommige mense, China se militêre vooruitgang en aktiwiteite in die Suid-Chinese See as uitdagend sien, beskou China hierdie dade as verdedigend – om te verseker dat hulle nooit weer bedreig sal word deur buitelandse magte nie. China en Rusland het gesamentlike militêre oefeninge uitgevoer en nie een van hulle het enige voorneme om onder beheer van Westerse nasies te wees nie. Hulle doel is om die Weste verby te steek en te vervang en hulle werk daaraan

*Vervolg op bladsy 20*

# Wat is die aantrekkingskrag van Shariawet?

Deur Dexter Wakefield

In verslae uit baie lande waar Moslems in die meerderheid is word berig van streng strawwe wat opgelê word vir die oortreding van die Shariawet. Dit is 'n samestelling van godsdienswette wat dikwels in die burgerregte wet van Moslem-samelewings opgeneem word. Die hewigheid van die straf verskil baie van land tot land maar in sommige nasies kan dit lyfstraf of steniging wees of 'n hand wat afgekap word. Selfs die ligter strawwe vir kriminele aktiwiteite lyk dikwels streng vir Westerse waarnemers. Afhangende van die land, kan die Shariafamiliewet gereëlde huwelike van jong meisies toelaat en die regte van vroue ernstig inperk.

Word sulke wette op hierdie samelewings afgedwing – teen die wil van die mense – onderwerp die mense hulle moontlik gewilliglik aan hierdie maatreëls? Dit mag dalk moeilik wees vir iemand in 'n Westerse liberale demo-krasie om dit te begryp maar baie mense in Moslem-samelewings is *groot onder-steuners* van die Sharia regstelsel. Die toonaangewende *Pew Research Center for Religion and Public Life* het 'n omvattende studie gedoen wat die hoë persentasie mense aandui in verskeie Moslemlande wat ten gunste is daarvan dat die Shariawet amptelik gemaak word in hulle nasies. Hierdie studie het meer as 38,000 aangesig-tot-aangesig-onderhoude in meer as 80 tale behels, met Moslems in Europa, Asië, die Midde-Ooste en Afrika. Selfs in Westerse demokrasieë wil Moslem-enklaves soms die Shariawet in hulle Islamitiese gebiede toepas.

In die verslag van die *Pew Research Center* word gesê: "Oorweldigende persentasies Moslems in baie lande wil Islamitiese wet [Sharia] as die amptelike wet van die land hê". Ons behoort daarop te let dat baie ondersteuners van Sharia sê dat dit net van toepassing behoort te wees op hulle land se Moslem-bevolking.

> Die persentasie Moslems wat sê dat hulle Sharia wil hê as "die amptelike wet van die land", wissel wêreldwyd – van byna eenstemmigheid in Afghanistan (99%) tot minder as een-uit-tien in Aserbeidjan (8%). Stewige meerderhede in meeste van die lande, wat strek oor die Midde-Ooste en Noord-Afrika, Afrika suid van die Sahara, Suid-Asië en Suidoos-Asië, is ten gunste van die vestiging van Sharia. Dit sluit in, 71% van die Moslems in Nigerië, 72% in Indonesië, 74% in Egipte en 89% in die Palestynse gebiede. In die studie word egter ook opgemerk dat daar in die meeste lande wat ondervra is, aansienlik minder steun was vir ernstige strawwe, soos om die hande van diewe af te kap of om mense tereg te stel wat van Islam na 'n ander geloof verander. (*The World's Muslims: Religion, Politics and Society*, bl. 9, 30 April 2013).

Afgesien daarvan dat hierdie opname daarop dui dat baie Moslems ten gunste van 'n demokratiese volks-regering is, eerder as 'n outoritêre staats-regering, toon dit ook dat hulle 'n demo-kratiese samelewing verkies wat deur Shariawet-gewing beheer word.

In die Weste vra mense: "Waarom Sharia?" Waarom sou so 'n oorweldigende hoeveelheid Moslemlande, die Sharia-regstelsel vir hulle land verkies? *Baie mense in Islam antwoord luidkeels maar dit lyk nie of die Weste hoor nie.*

**Sayyid Qutb, *Jahiliyyah* en morele chaos**

Die meeste mense in die Weste het nog nooit gehoor van die Egiptiese geleerde met die naam, Sayyid Qutb (foneties,

syjid *ku*-teb) nie, maar hy word allerweë beskou as die *vader van moderne radikale Islam*. Hy was 'n vroeë en hoogs invloedryke lid van die Moslem-Broederskap en is in 1966 in Egipte tereggestel omdat hy teen die Egiptiese regering saamgesweer het. Qutb was ook 'n produktiewe skrywer en 'n voorstander van geweld-dadige *djihad* [heilige oorlog] om 'n Islamitiese staat te vestig. Hy het jare lank in die Verenigde State studeer en gereis en was vies oor wat hy beskou het as morele laksheid en materialisme. Hierdie ondervinding het sy latere geskrifte wat baie krities oor die Weste was beïnvloed. Vir Qutb was die Shariawet nie net noodsaaklik vir die aanbidding van Allah nie, maar dit was ook 'n *magtige wapen wat die Weste se morele permissiwiteit kon teenstaan en weerstaan*.

Qutb en ander skrywers het die term ***jahiliyyah*** (jah-he-*lee*-ah) gebruik om te verwys na die *morele chaos* en verdorwenheid van die heidense wêreld soos wat dit was voor die koms van Islam en Islamitiese wet in die 7de eeu n.C. *Qutb* en ander Islamitiese denkers het ook volgehou dat *jahiliyyah* weer te voorskyn gekom het in die morele chaos van die Westerse sekulêre samelewing as gevolg van 'n gebrek aan Shariawet. Hulle het geglo dat slegs deur Shariawet, Moslems die morele chaos van Westerse sekularisme kan bestry. Qutb se geskrifte het die ontwikkeling van radikale Islamitiese sienings in die moderne tyd sterk beïnvloed.

Sayyid Qutb het hierdie idees van 'n vroeë Moslem-intellektueel, Abu'l-Hassan 'Ali Nadwi, bekom. 'n Akademiese studie beskryf sy invloed op Qutb:

> Die term wat Nadwi verkies vir onderwerping aan valse gode en vir die morele verdorwenheid en chaos wat noodwendig daaruit voortspruit, is jahiliyyah ... Nadwi gebruik hierdie term in 'n baie breër sin wanneer hy verwys na pre-Islamitiese kulture en beskawings in die algemeen. Hy gebruik dit vir moderne, Westerse kulture, wat hy beskou as deurtrek met materialisme, goddelose ideologieë en seksuele losbandigheid. Nog opvallender is dat hy die hedendaagse Moslems beskou as mense wat teruggeval het in 'n nuwe jahiliyyah, wat verwerplik is, nie net vir die **morele chaos** wat dit tot gevolg het nie, maar ook omdat dit in werklikheid die verwerping van Islam sélf aandui (*Princeton Readings in Islamist Thought*, bl. 108, klem bygevoeg).

**Vinnig veranderende morele waardes**

Alhoewel die Westerse wêreldlike samelewing sy demokratiese politieke tradisie behou het, het dit sy morele grondslag verloor. Dit bou nou sy moraliteit op die dryfsand van menslike redenasie eerder as op die absolutes van die Joods-Christelike etiek wat vroeër die Westerse siening van reg en verkeerd help vorm het. *Dus is enigiets aanvaarbaar*. Die Moslem-wêreld kyk na die moderne Westerse kultuur en sien hoe geniet hulle aanskoue van geweld in flieks, die feitlike verwerping van seksuele grense, grafiese uitbeeldings van seksualiteit in pornografie en selfs in hoofstroom vermaak, geslagsverwarring en chaos, asook die bespotting van tradisionele gesinstrukture. Die moraliteit wat eens die Westerse openbare lewe beheer het, word opsy geskuif en selfs bespot. Christofobie – die vrees of afkeur van Christelike geloof of invloed – word openlik uitgespreek deur openbare amptenare en akademici. Ortodokse Christelikheid word nou bespot in blatante openbare vertoon van partydigheid. Hierdie aksies word begroet met hoegenaamd geen openbare afkeuring nie. Indien u saamstem met hierdie veranderings of nie, dit is moeilik om die spoed en omvang daarvan te ontken.

Goddelike Wet is God se openbaring van reg en verkeerd en die Bybel waarsku: "As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos; maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy" (Spreuke 29:18). Wanneer daar afstand gedoen word van die Bybelse morele erfenis ten gunste van 'n "enigiets is toelaatbaar" sekulêre moraliteit, het die Westerse samelewing "bandeloos" geword.

*Die Moslem-wêreld is besig*

*om dit dop te hou*.

Baie mense in die Weste beskou moraliteit nou as niks anders nie as 'n "sosiale konsep". Wêreldse mense beweer dat "'n mens nie moraliteit met wetgewing kan beheer nie", maar op die een of ander manier weerspieël burgerlike wette tog die samelewing se siening van reg en verkeerd. Indien ons byvoorbeeld dink dat dit verkeerd is om banke te beroof, maak ons 'n wet daarteen. Dus, in 'n belangrike sin, word moraliteit in wetgewing vervat. *Dit gaan nie oor die vraag of ons moraliteit met wetgewing kan beheer nie, maar dit is eerder 'n vraag van wié se moraliteit ons in wetgewing gaan beheer*. Die poging om hierdie vraag te beantwoord, word die "kultuuroorlog" genoem en die Joods-Christelike moraliteit in die Weste is vinnig besig om ten gronde te gaan. Die Moslem-wêreld kyk toe en vrees dat Islam die volgende is – net soos Qutb gesê het, dit die geval sal wees. Vir Islam is die morele chaos – die *jahiliyyah* – van die Weste vandag baie erger as toe Qutb in die 1950's en 1960's geskryf het.

Die verslag van die *Pew Research Center* verklaar:

> "Alhoewel baie Moslems Westerse Pop-kultuur geniet, is 'n duidelike meerderheid in meeste van die lande waar meningspeilings gedoen is, van mening dat Westerse vermaak, moraliteit in hulle land benadeel. Dit is nie net Moslems wat persoonlik nié van Westerse musiek, flieks en televisie hou wat so voel nie. In vier van die ses streke sê die gemiddelde van minstens die helfte van diegene wat beweer dat hulle hierdie soort vermaak geniet, ook dat Westerse kultuur-invoere, moraliteit ondermyn: Afrika suid van die Sahara (65%), Suid-Asië (59%), Suidoos-Asië (51%) en die Midde-Ooste/Noord-Afrika-streek (51%)" (*The World's Muslims: Religion, Politics and Society*, bl. 9, 30 April 2013).

Waarom kies baie van hulle dus Sharia? Een belangrike rede is *dat dit 'n maatskaplike beskerming teen die Westerse wêreldlikheid se morele chaos bied*. Die Islamitiese wêreld verkondig hierdie antwoord luidkeels aan die Weste maar die Westerse wêreld hoor dit nie! Die Weste stel glad nie belang om van koers te verander of sy morele mislukkings te erken nie. Baie Westerse beleidmakers het die vermetelheid om te dink dat die oplossing vir Islamitiese radikalisme daarin lê om geleidelik hulle eie sekulêre waardes in Moslem-samelewings in te stel. Om egter te probeer om Islamitiese radikalisme in Moslem-samelewings te temper deur Westerse sekulêre waardes te bevorder, is om olie op die vuur te gooi. Die morele chaos wat hulle sien en wat uit daardie waardes voortspruit – Sayyid Qutb se moderne *jahiliyyah* – is waarvoor Moslems vlug. *Hulle neem hulle toevlug na Sharia*.

**Westerse sekulêre imperialisme?**

Die Westerse wêreld kyk na Islamitiese terrorisme en *djihad* en sien *Islamitiese imperialisme.* Islam kyk na die verspreiding van Westerse morele waardes en sien *Westerse wêreldse imperialisme* – nie in die onverbiddelike mag van militêre of politieke oorheersing nie, maar in die subtiele mag van media-oorheersing wat kulturele verandering voortdryf. Emmanual Sivan, 'n geskiedkundige en deskundige op die gebied van Islam, wys daarop dat elektroniese media, in die Moslem-wêreld vurig veroordeel word weens die insypelende aard daarvan. Hy skryf dat Moslems "die Westerse gif" ontdek van onsedelikheid wat hulle gewilde liedjies onopgemerk infiltreer. Hierdie liedjies moedig losbandige moraliteit en onmiddellike bevrediging asook liefde en lewe en plesier bo enigiets anders aan Dit is heeltemal sonder inagneming van godsdienstige geloof of straf en beloning in die hiernamaals wat in lynregte teenstelling met Arabiese en Islamitiese konsepte is" (*Radical Islam: Medieval Theology and Modern Politics*, bll. 3-4).

**Die Christendom se ooreenstemmende besorgdheid**

Soortgelyke magte is aan die werk in die wêreld van die belydende Christendom. Som-

mige mense in die Christendom het probeer om hulleself met die vinnig veranderende morele landskap van die Westerse samelewing te versoen en het die ou Joods-Christelike beginsels in die proses opgeoffer. Ander mense weerstaan die wêreldse magte en hou vas aan hulle onveranderbare beginsels.

Sal dwangmaatreëls sekulêre sosiale manipulasie, die belydende Christene dryf om godsdienstige toevlug te soek, soos sekulêre imperialisme aan Moslems gedoen het? Tendense in die onderwys is belangrike aanwysers.

Aangesien daar 'n waarneembare vyandigheid teenoor geloof in openbare onderwys en populêre kultuur is, floreer openbare privaatskole in die Verenigde State en tuisonderrig is 'n toenemende verskynsel. 'n Verslag van die Nasionale Sentrum vir Onderwys statistiek het in 2013 bevind dat 1,770,000 kinders in die VSA tuisonderrig ontvang teenoor 850,000 in 1999. Tuisonderrig neem vinnig toe onder minderjariges. In 'n opname het 77% van die ouers gesê dat morele voorskrifte 'n belangrike faktor in hulle besluit was om tuisonderrig te doen.

Wat privaatskole betref, het *The Wall Street Journal* berig: "Gedurende die 2014-2015 skooljaar het 500 nuwe openbare privaatskole landwyd geopen, met 'n totaal van 6,700 skole waar sowat 2,9 miljoen studente ingeskryf het, volgens die *National Alliance for Public Charter Schools*" ("*Charter-School Movement Grows – for Real-Estate Investors*", *WSJ*.com, 13 Oktober 2015). Dit is nie noodwendig 'n "massa-uittog" uit die openbare skoolstelsel nie, maar dit dui daarop dat 'n toenemende aantal ouers baie bekommerd is oor die openbare skoolomgewing – moontlik oor die samelewing as geheel en hulle word gedwing om stappe te neem. Inskrywings by godsdienstige en wêreldse privaatskole neem toe namate ouers "daadwerklik optree".

Sommige mense dink dat hierdie besorgdheid van moderne ouers 'n antieke voorbeeld navolg. In die 6de eeu n.C. het 'n geleerde Italiaanse man, Benedictus van Nursië, op sy dag die morele agteruitgang van Rome onaanvaarbaar gevind. Gevolglik het hy 'n klooster asook 'n beweging gestig wat gehelp het om die besondere deugde van die Christendom déúr die chaos van die donker Middeleeue te bewaar. In die *New York Times* se top verkoper*, The Benedict Option: A Strategy for Christians in a Post-Christian Nation,* beskryf skrywer Rod Dreher, 'n na-Christelike wêreld waarin moraliteit en waardes wat lank met Christelikheid vereenselwig was, aangeval en as minder belangrik beskou is en diegene wat sodanige waardes onderskryf word gedwing om 'n toevlugsoord te vind in veilige gemeenskappe waar tradisionele deugde in stand gehou kan word. Hy en andere sien 'n wêreld wat 'n tweede, *geestelike* Donker Eeue betree. Dreher se oplossings sluit 'n herinstelling van Evangeliese Christelikheid in die liturgie en tradisionele onderwys van die Ortodokse en Katolieke Kerke in met 'n onderliggende motief – 'n eenvoudige oproep deur die "moederkerk" na sy dogterdenominasies. In die *New York Times* het Dawid Brooks, Dreher se werk "die mees bespreekte en belangrikste godsdienstige boek van die dekade" genoem. Baie belydende Christene oorweeg oorlewingstrategieë vir hulle geloof en waardes en die "Benedictus opsie" is besig om 'n beweging te word.

Alasdair MacIntyre is 'n prominente Skotse morele filosoof en akademikus wie se geskrifte baie invloedryk in die bekendstelling van die idees was wat Dreher in *die Benedictus opsie* ontwikkel het. Hier is 'n uittreksel uit MacIntyre se boek, *After Virtue*, wat hierdie siening weerspieël:

> Wat op hierdie stadium van belang is, is die samestelling van plaaslike vorms van gemeenskappe waarbinne beleefdheid en die intellektuele en morele lewe in stand gehou kan word deur die *nuwe Donker Middeleeue*, wat reeds op ons is. Indien die tradisie van hierdie deugde, die gruwels van die laaste donker Middeleeue kon oorleef, is ons nie heeltemal sonder hoop nie. Hierdie keer wag die barbare egter nie op die grense nie – hulle beheer ons reeds vir 'n geruime tyd. Dit is ons gebrek aan bewustheid hiervan wat deel van die haglike toestand is waarin

ons ons tans bevind. *Ons wag ... vir 'n ander – ongetwyfeld baie ander – St. Benedictus* (bl. 263, klem bygevoeg).

Moslems kyk na die Westerse wêreld en sien morele chaos. Al hoe meer belydende Christene in die Weste kom tot dieselfde gevolgtrekking. Die *Wêreld van Môre* bepleit nie die oplossings wat in *die Benedictus opsie* voorgestel word nie en verkondig beslis nie die Shariawetgewing nie. Dit is egter opvallend dat die ingrypende morele veranderings in Westerse samelewings *albei* die Westerse godsdienstige gemeenskappe *sowel as* Moslemgodsdienstige gemeenskappe aanspoor om radikale alternatiewe te oorweeg. Jesus Christus het gesê: "Waak" (Lukas 21:36) en dit is nodig om hierdie massiewe kulturele ontwikkeling dop te hou!

Selfs in die Weste het Moslems gemeenskappe gevorm waarin hulle sekere aspekte van Shariawetgewing geïmplementeer het, met verskillende mates van aanvaarding of afkeur deur plaaslike en nasionale owerhede. Hulle kom agter, net soos die moderne Christendom, dat die morele deugde van hulle geloof aangeval is deur die waarneembare morele chaos van die wêreldlike kultuur. Baie mense wat ywerig is om hulle waardes teen sekulêre verval te beskerm, soek en vind hulle eie vestings.

**Dinamiese magte op die spel**

Alasdair MacIntyre maak melding daarvan dat ons "wag ... vir 'n ander – ongetwyfeld baie verskillende – St. Benedictus". Hoe sou hierdie "baie verskillende Benedictus" daar uitsien?

In Islam beïnvloed die druk van die Westerse wêreldlike kultuur baie Moslems om na Sharia terug te keer en party van hulle neem radikale vorms van Islam aan. Baie mense wat Christus bely, is op soek na hulle eie antwoorde en *die geestelike winde van verandering wat deur Islam waai, kan ook deur die Christendom* waai. Meer as vyftien jaar gelede het Pous Johannes Paulus II beweer dat die Christendom die identiteit van Europa omskryf. Sal die uitdaging van Islam of 'n onbeheerde sekulêre moraliteit, 'n herhaling van die "Christelike" identiteit op Europa afdwing wat deur 'n baie charismatiese godsdienstige figuur gelei word? So 'n persoon mag al gereed en besig wees om voor te berei om op die wêreldtoneel te verskyn. Bybelse profesieë voorspel sulke gebeure en baie mense in Islam wag ook op hulle eie sonderlinge individu.

Deur middel van die internasionale media is 'n onbestendige en ontwikkelende Westerse wêreldlike moraliteit besig om die kulturele waardes regoor die wêreld uit te daag. Moslems neig na Shariawet, nie slegs vir konserwatiewe *leerstellige* redes nie, maar ook as die groot bewaarder van hulle *morele waardes* en baie mense, in wat as ortodokse Christelikheid beskou word, soek ook 'n toevlug vir die waardes van hulle geloof. Die morele stelsels van Islam, Christelikheid en Westerse wêreldlikheid, is drie groot magte wat op 'n botsing afstuur! WvM

# Sayyid Qutb oor Sharia en Islam

Alhoewel die verwerping van Westerse morele waardes 'n belangrike rede vir baie gewone Moslems is om die Sharia aan te neem, is die teologiese redenasie van radikale Islamiete baie dogmaties. In sy gesaghebbende boek, *Milestones*, wat aanvanklik in Arabies in 1964 gepubliseer is, het Sayyid Qutb geskryf: "Dit lei geen twyfel dat die Shari'ah die beste is nie, want dit kom van God [Allah] en die wette van mense kan nouliks vergelyk word met die wette wat die Skepper gee. Hierdie argument is egter nie die basis van die Islamitiese versoek nie. Die grondslag van die boodskap is dat 'n mens die Shari'ah sonder enige vrae behoort te aanvaar en alle ander wette in enige vorm verwerp. Dit is Islam. Daar is geen ander betekenis van Islam nie" (Qutb, *Milestones*, bl. 36).

"Die Profeet – vrede is met hom – het dit duidelik gestel dat volgens die Shari'ah, die betekenis van 'om te gehoorsaam', is 'om te aanbid' ... Hierdie verduideliking ... deur die Profeet ... maak dit duidelik dat gehoorsaamheid aan [nie-Islamitiese] wette en geregtelike uitsprake 'n soort van aanbidding is en enigeen wat daaraan gehoorsaam is, word beskou as nie deel van hierdie [Moslem] godsdiens nie" (bl. 60).

"Dit is juis die aard van Islam om die inisiatief te neem om die menslike wesens regoor die aarde te bevry van gehoorsaamheid aan enigiemand anders as God [Allah]; dus kan dit nie tot enige geografiese of rassegrense beperk word en sodoende die hele mensdom in die geheel aan boosheid, in chaos en in diensbaarheid aan here anders as God [Allah] oorlaat nie" (bl. 73). WvM

## 'n Meditasie met betrekking tot brood en leë rakke

# Daar is slegs een soort brood wat nooit opraak nie

### Deur J.D. Crockett III

Dit wil voorkom dat die woorde "winterstorm waarskuwing" – of enige sneeu of ys wat voorspel word – 'n dringende behoefte aan brood laat ontstaan. Ek is seker u het dit al gesien. Binne enkele minute ná 'n winter weervoorspelling gemaak is, raak supermarkte en gerieflikheidswinkels se rakke leeg. Grappies word daaroor gemaak en daar is 'n spottery met diegene wat op hierdie manier reageer op gereelde nuus vir die seisoen. Dit toon die onsekerheid wat mense beleef wanneer 'n bedreiging nader kom. Indien ons huisgebonde gaan wees as gevolg van gure weer, is dit belangrik dat daar genoeg kos beskikbaar is en brood word bykans wêreldwyd as 'n noodsaaklikheid beskou.

In sommige kulture is toegang tot brood 'n saak van erns. Sedert die Franse Rewolusie in 1799, is daar van Franse bakkerye verwag om voortdurend oop te bly – behalwe op nasionale vakansiedae. Selfs dán sluit hulle om die beurt volgens 'n vasgestelde rotasiebeginsel, om te verseker dat daar altyd 'n voorraad brood vir die mense beskikbaar is. Brood is in die harte en gedagtes van baie mense net so belangrik. Moontlik is dit omdat mense meer dikwels aan brood dink, selfs meer as wat hulle self besef, gebruik God dit in die Bybel om aan die mensdom lesse te leer wat hulle dalk nie op enige ander manier sou kon leer nie.

**Lesse met betrekking tot brood**

Nadat die Israeliete, ná eeue van slawerny in Egipte, bevry is, het hulle hul in 'n dorre wildernis bevind. Omdat hulle gekla het oor die gebrek aan voedsel, het God "brood uit die hemel" in die vorm van *manna* (letterlik, "wat is dit") voorsien wat hulle daagliks moes insamel. God het hierdie "brood" gebruik om hulle te leer dat die sewende dag heilig is en dat die manna nie op daardie dag ingesamel moes word nie (Exodus 16:1-4, 22-30).

Na aanleiding van die analogie van brood en menslike gedrag beskryf die boek Spreuke dit ook só: "Kom nie op die pad van die goddelose en betree die weg van die slegtes nie. Vermy dit, gaan nie daarop nie, wyk daarvan af en gaan verby; want hulle kan nie slaap as hulle geen kwaad doen nie; en hulle slaap is weg as hulle nie tot 'n val bring nie. Want hulle eet brood van goddeloosheid en drink wyn van gewelddadigheid" (Spreuke 4:14-17). Wanneer hy die deugsame vrou prys, sê Salomo in Spreuke 31:27: "Opmerksaam gaan sy die werksaamhede van haar huis na, en die brood van luiheid eet sy nie."

Die ongesuurde brood wat die Israeliete geëet het toe hulle Egipte vinnig verlaat het, word die "brood van ellende" genoem (Deuteronómium 16:3), wat onderdanigheid uitbeeld. Hierdie brood word jaarliks tydens die Dae van Ongesuurde Brode ná die Pasga geëet en dien as 'n herinnering daaraan om sonde uit ons lewens uit te roei en 'n nederige gesindheid te hê.

Jesus het Sy dissipels geleer hoe om te bid en hulle opdrag gegee om te vra: "... gee ons vandag ons daaglikse brood" (Matthéüs 6:11). Later, toe Jesus Sy dissipels vir Sy vertrek voorberei het, het Hy vir hulle gesê: "Ek is die brood van die lewe. Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dit is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee" (Johannes 6:48-51).

Die apostel Paulus sê, wanneer hy die eenheid van die Kerk wat die liggaam van gelowiges is, beskryf: "Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood" (1 Korinthiërs 10:17).

**'n Rak wat nooit leeg is nie**

Die Bybel gebruik die wêreldwye behoefte aan fisiese voedsel wat deur brood uitgebeeld word, om die daaglikse behoefte aan geestelike voedsel te illustreer wat slegs God, deur Jesus Christus, kan voorsien. U mag dalk die rakke by u winkel in tye van nood leeg vind, maar die "brood uit die hemel" is altyd volop in die bladsye van die Bybel. U kan dit net elke dag insamel. WvM

# Die duiwel se dodelike misleidings

## Deur Richard F. Ames

*Jesus Christus beskryf die Satan kort en kragtig: "Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan" (Johannes 8:44). Die boek Openbaring vertel aan ons dat die duiwel die hele wêreld mislei!*

*Watter metodes gebruik Satan om mense in sy web van leuens en misleiding in te lok? Hoe kan ons weet of ons mislei is? Wat kan ons doen om onsself te beskerm teen die veragtelikhede van hierdie meesterverleier? Lees verder vir die antwoorde!*

Die Illinois State Capitol-gebou bied al vir etlike jare elke Desember drie vakansie-uitstallings aan: 'n Feestelik versierde boom wat 'n kerkgroep verskaf, 'n menorah [sewearm-kandelaar] wat deur Joodse burgers verskaf word asook 'n plakkaat met 'n sonstilstand-tema, verskaf deur 'n anti-godsdiensgroep. In Desember 2018 was daar egter by hierdie drie uitstallings nog 'n vierde gevoeg. *The New York Times berig:*

> Tussen die vonkelende ligte en flikkerende kerse ... sal u 'n eerbetoon aan die prins van duisternis vind wat voorsien is deur die Chicago-tak van die *Satanic Temple* – 'n groep met hulle hoofkwartier in Salem, Mass., wat 15 takke landwyd het. Dit lyk 'n bietjie anders as die dennetakke en die mistel wat dikwels met hierdie tyd van die jaar geassosieer word: 'n Vrou se hand wat 'n appel aanbied terwyl 'n slang om haar pols kronkel. 'n Pentagram [vyfhoekige ster] met die woorde "kennis is die grootste geskenk", is op die voetstuk daaronder geskryf ("*Satan Is in the Illinois Capitol. Because It's the Holidays!*," *The New York Times*, 6 Desember 2018).

Dit is dieselfde organisasie wat in 2016 toestemming gekry het om 'n jeugprogram, "*After School Satan*", na die Parkrose-skooldistrik in Oregon, te neem, waarin laerskoolkinders 'n alternatief gebied word vir "*Good news Clubs*" wat Protestantisme bevorder. *Temple* se medestigter Doug Mesner, het aan *CBS News* gesê dat studente maandeliks 'n uurlange byeenkoms kan bywoon, wat deur plaaslike vrywilligers van sy organisasie aangebied word. Die groep wil ook die programme in Los Angeles, Atlanta en Washington, DC aanbied ("Portland gee toestemming vir *'After School Satan'* laerskool kinders", *CBSNews.com*, 28 September 2016).

Verbasend genoeg maak die *Satanic Temple* daarop aanspraak dat hulle nie probeer om geloof in 'n persoonlike Satan te bevorder nie. Inteendeel, sy lede verheerlik Satan as "'n simbool van die Ewige Rebel in teenstelling met arbitrêre gesag" (*ibid*.). Nogtans is hulle gewillig om hulle voorwerp van aanbidding te verpersoonlik wanneer dit hulle pas. In Augustus 2018 het die *Satanic Temple* 'n standbeeld voor die gebou van die Arkansas-staatswetgewer in Little Rock onthul. Dit was 'n standbeeld van hulle sogenaamde "*Baphomet*" – 'n gedierte met die horings en kop van 'n bok, met 'n jong seun en meisie – wie in aanbidding na hom staar – in sy arms onder sy vlerke. Die *Temple* se medestigter, Lucien Greaves, beskryf dat die onthulling die "viering van pluralisme" verteenwoordig, maar dit was ook die groep se reaksie op 'n vroeëre oprigting van 'n monument van die Tien Gebooie ("*Satanic Temple statue unveiled at the Arkansas State Capitol*" *KATV.com*, 16 Augustus 2018).

Sommige mense sal die *Satanic Temple* as 'n media-

kundige groep afmaak wat Satan vir sy eie doeleindes gebruik. Is die ondersteuners van die *Satanic Temple* egter besig om met gevaarlike magte wat hulle nie verstaan nie, te speel? Is hulle nie besig om *buiten* pluralisme, rebellie en die strewe na kennis te bevorder nie, maar ook die onderwerping aan 'n bose gees nie? Is dit inderdaad korrek om Satan gelyk te stel met "kennis"? U Bybel gee hierdie baie duidelike antwoord: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei [mislei]; hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9). Ja, die duiwel is 'n ***bedrieër***! Sou sy grootste misleiding nie juis wees om mense te oortuig dat hy nie bestaan nie en niks anders is as die verbeeldingryke skepping van kunstenaars, beeldhouers en skrywers van fiksie nie?

**Die bedrieglike duiwel**

Wat sê sommige geleerdes in verband met die duiwel? "Volgens Henry Ansgar Kelly, 'n navorsingsprofessor aan die Universiteit van Kalifornië, Los Angeles, is daar in werklikheid 'geen bewyse' wat daarop dui dat die duiwel as boos uitgebeeld behoort te word nie ... Professor Kelly is van mening dat Christene verkeerd is en dat Satan in werklikheid probeer om goed te doen en aan God se kant is, maar 'oorboord' gegaan het met sy oordele. 'n Noukeurige bestudering van die Bybel toon dat Satan minder soos Darth Vader lyk ['n karakter in "Star Wars"] en al hoe meer na 'n alte ywerige aanklaer". ("*SHOCK CLAIM: Christians were WRONG to brand Satan evil," Daily Express*, 22 Julie 2017).

Is professor Kelly reg? Is Satan eintlik aan die kant van die goeie? Ons lees in die Skrif dat Satan die duiwel homself as 'n "engel van die lig" voordoen (2 Korinthiërs 11:14). Sal u nie outomaties aanvaar dat 'n engel van die lig 'n krag ten goede is nie? Geagte lesers, dit is nodig dat u op u hoede sal wees. As die duiwel die "hele wêreld" kan mislei, kan hy ***u*** ook mislei indien u nie ná aan u Verlosser en Sy Woord, die Bybel, bly nie!

Ja, Satan kan die onskuldige, liggelowiges en eiesinnige mense mislei om valshede te glo wat heeltemal in stryd is met die Bybel! Hierdie leuens sluit onder andere ook valse visioene en drome in. By verskeie geleenthede oor die jare heen, het mense my van drome of visioene vertel wat ek sonder twyfel verstaan het Satan-geïnspireerd was. Byvoorbeeld, sommige mense dink hulle het Jesus gesien, maar wanneer hulle 'n Jesus met lang golwende hare beskryf, kon ek onmiddellik weet dat hulle visioen klaarblyklik vals was. Onthou, die apostel Paulus skryf: "Of leer ook die natuur self julle nie dat as 'n man lang hare dra, dit vir hom 'n oneer is nie" (1 Korinthiërs 11:14). Jesus het verskeie kere die skare ontglip omdat hy soos die gemiddelde Joodse man van Sy tyd gelyk het.

Soms sal iemand my van 'n droom of profesie vertel wat op die oppervlak interessant klink, maar by nadere ondersoek is daar 'n rebelsheid teen die leerstellings van Christus. Selfs wanneer so 'n profesie bewaarheid word, wees versigtig! Die Skrif vermaan ons: "As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop – wat jy nie geken het nie – en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE, julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel" (Deuteronómium 13:1-3).

Die apostel Johannes bekragtig hierdie onderrig en beveel ons om nie elke skynbaar aanloklike boodskap te aanvaar wat op ons pad kom nie. Hy skryf: "Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef, of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan" (1 Johannes 4:1). U Bybel openbaar dat Satan bedrieglik is, nie dom nie. Hy en sy demone is nie ateïste nie; hulle weet baie goed dat God bestaan. Ons lees: "... die duiwels glo dit ook, en hulle sidder" (Jakobus 2:19). Die duiwel ken selfs die Skrif en probeer om dit teen Christene wat nie daarop voorberei is nie, te gebruik. Onthou dat toe Satan vir Jesus Christus uitgedaag het

om Sy Goddelike krag te toon deur van die tempel af te spring, het hy Psalm 91:11-12 aangehaal. Jesus het natuurlik beter geweet en geantwoord deur Deuteronómium 6:16 aan te haal, soos in Matthéüs 4:5-7 aangetoon word.

**Bedrieglike onderwysers**

Is u al ooit mislei? Rondom ons is talle swendelaars wat daarop uit is om te bedrieg en te steel. Wettoepassings-agentskappe waarsku ons voortdurend teen skelmstreke en bedrieglike praktyke wat niksvermoedende slagoffers beroof. Is u egter op u hoede vir misleidings wat selfs in die naam van Christelikheid voorkom? Ons het vroeër gelees dat Satan homself in 'n engel van die lig voordoen om die onskuldiges en onverstandiges te mislei. Satan het ook sy eie predikante. Ons lees: "Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders, wat hulleself verander in apostels van Christus" (2 Korinthiërs 11:13). Net omdat iemand homself 'n predikant of selfs 'n apostel noem, beteken dit nie dat sy boodskap van Christus is nie. Sulke valse onderwysers sal as gevolg van die straf vir hulle valse leer ly: "Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (2 Korinthiërs 11:15).

Jesus self het gewaarsku, dan sal "valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei" (Matthéüs 24:24). So skokkend as wat dit mag wees, waarsku u Bybel teen godsdienstige predikante wat regverdig lyk, maar dienaars van Satan is. Indien u 'n Bybelstudent is, weet u dat een van Satan se godsdienstige misleidings, valse leerstellings is. Die apostel Paulus het profeteer dat baie godsdienstige mense na leraars sal soek wat preek wat hulle graag wil hoor, eerder as leraars wat die Waarheid van die Bybel verkondig. Die apostel Paulus vermaan die jong evangelis Timótheüs:

> "[V]erkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels" (2 Timótheüs 4:2-4).

**Misleidende praktyke**

Die meeste van u wat hierdie artikel lees, besef dat die okkulte 'n gevaarlike bron van misleiding is. Baie ander mense dink aan die okkulte as 'n kwessie van vermaak en geniet die topverkoper Harry Potterboeke en rolprente. Ander mense kyk na séances, tarotkaarte, raadpleging van mediums en astrologie vir insig en krag. Miljoene mense hou hulle besig met die okkulte en soek na antwoorde by waarsêers en mistici. Hierdie onheispellende praktyke is bedrieglik. God die Almagtige, veroordeel afgodediens en towery (Galásiërs 5:19-20). Hy klassifiseer diegene, wat deelneem aan praktyke soos heksery, towerkuns, towerspreuke en spiritisme as 'n "gruwel" (Deuteronómium 18:10-12).

Wat van Christelikheid sélf? Neem die meeste mense wat hulleself Christene noem nie deel aan praktyke wat ver verwyder is van die leerstellings van die Bybel nie? Protestantse en Katolieke gelowiges het op Sondag, 21 April 2019, Paasfees gevier en Oos-Ortodokse gelowiges het dit op 28 April gevier – 'n week later. Waar vind u enige verwysing na Paasfees in u Bybel? Lees mnr. Gerald Weston se artikel "*Waarom Paasfees vier*?" in hierdie uitgawe om meer oor hierdie belangrike onderwerp te wete te kom. Selfs diegene wat Paasfees vier, moet erken dat baie van vandag se mees algemene Paasfees-simbole – paaseiers en hase, om net twee te noem – direk uit nie-Christelike gebruike kom en wat die vrugbaarheid van die aarde vier en nie die opstanding van die Verlosser nie. Trouens, miljarde mense het misleidende leerstellings aanvaar – nie net oor Christus se dood en opstanding nie, maar selfs oor Sy geboorte. Betroubare geleerdes sal erken dat 25 Desember as die geboortedag van Mithras, die songod gevier

was. Dit was nooit die datum van Jesus se geboorte nie. Wat dít aanbetref, behoort Christene dan Valentýnsdag te vier? In 496 n.C. het Pous Gelasius I, die Fees van St. Valentyn op 14 Februarie ingestel. Vóór dit, sedert die antieke tydperk van Rome, het jong verliefdes gereeld op 15 Februarie die Lupercalia gevier – die fees van Lupercus, 'n vrugbaarheidsgod. Selfs in antieke Griekeland was die tyd gedurende middel-Februarie met liefde en vrugbaarheid geassosieer. Die Griekse maand Gamelion, wat in die middel van Februarie eindig, was met die huwelik van die gode Zeus en Hera geassosieer.

Waarom maak dit saak? Die geskiedkundige, Will Durant het hierdie oorsig in *The Story of Civilization* gegee: "Die Christendom het nie die heidendom vernietig nie; dit het dit aangeneem. Die kwynende Griekse denke, het oorgegaan na die godsdiens en gebruike van die kerk. Die Griekse taal wat eeue lank die filosofie oorheers het, het die dryfveer geword van die Christelike literatuur en kerklike instelling. Die Griekse geheimenisse is oorgedra na die indrukwekkende geheimenis van die Mis. Ander ***heidense kulture*** het bygedra tot die godsdiensvermenging ... Die Christendom was die laaste skepping van die antieke heidense wêreld". (Vol. III, bl. 595, klem bygevoeg).

Geagte lesers, het die duiwel u mislei om heidense tradisies in die naam van Christelikheid te beoefen? Hou Jesus se waarskuwing aan die Fariseërs en skrifgeleerdes aangaande sekere godsdienstige gebruike in gedagte: "Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou" (Markus 7:9). Die wêreld is vol valse godsdienste, tradisies en leerstellings. Geagte lesers, wees op u hoede vir hierdie demoniese misleidings!

**Eindtydse misleiding**

Satan wil u nie net mislei met betrekking tot die leerstellings wat u behoort te glo en beoefen nie; hy wil hê dat u die Bybelprofesie oor u toekoms en die toekoms van ons wêreld verkeerd verstaan. Die Skrif praat van 'n eindtydse supermoondheid wat 'n herlewing van die ou Romeinse Ryk sal wees. Daardie supermoondheid word deur 'n Dier gesimboliseer. "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou" (Openbaring 17:12-14).

Interessant genoeg, is daar onder die Bybelkommentators wat hierdie Dier as die Romeinse Ryk korrek geïdentifiseer het, ook dié van die *New Catholic Edition*, wat dikwels die *Douay-Rheims* genoem word. Dit vertel ons in 'n voetnota, met betrekking tot die Dier van Openbaring 17:11, "Die dier van wie hier gepraat word, lyk of dit die ***Romeinse Ryk*** is, soos in hoofstuk 13" (klem bygevoeg). Ja, die Dier van Openbaring 17 asook die Dier van Openbaring 13 verteenwoordig die Romeinse Ryk. Die aantekeninge wat in hierdie Rooms-Katolieke Bybelkommentaar oor Openbaring 13:1 gepubliseer is, lui: "Die voorstelling van die eerste dier is gebaseer op die sewende hoofstuk van Daniël. Hierdie dier is die versinnebeelding van die koninkryke van die wêreld – koninkryke gegrond op passie en egoïsme – wat te alle tye antagonisties teenoor Christus is en probeer om die dienaars van God te onderdruk. ***Keiserlike Rome*** verteenwoordig hierdie mag" (klem bygevoeg). Ja, selfs die *Douay-Rheims* Bybel erken die identiteit van die Dier. Tog wil Satan u met betrekking tot hierdie punt mislei omdat die Dier nie alleen sal werk nie. Openbaring 17:3-4 beskryf 'n hoervrou wat op die Dier ry. In Bybelse simboliek verteenwoordig 'n vrou 'n kerk. In hierdie verse word sy "Verborgenheid*,* die groot Babilon" genoem, wat 'n valse godsdienstige stelsel verteenwoordig – 'n vervalsing van Christelikheid.

Ja, Satan se bedrog is so vermetel dat dit 'n vervalsing van Christelikheid self insluit! Liewe lesers, sal u deur Satan se valse Christelikheid mislei word? Jesus waarsku ons: "Pas op dat

niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (Matthéüs 24:4-5). Die vrou wat op die Dier ry, verteenwoordig 'n groot valse kerk – een wat homself "Christelik" noem, maar hy leer sy lede om in heidense praktyke betrokke te raak. Die apostel Paulus beskryf die valse profeet wat hom by die Dier sal skaar: "[Hy] wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid" (2 Thessalonicense 2:9-12).

Diegene wat deur sy tekens en oënskynlike wonderwerke oortuig word, maar nie hulle oorsprong onderskei soos Deuteronómium ons leer om te doen nie, sal maklik deur die toekomstige valse profeet mislei word, wat selfs ***wonders van die leuen*** sal gebruik om volgelinge te kry. Onthou, die toets van 'n profeet is nie net dat sy profesieë bewaarheid word nie – dit is dat daardie profesieë nie van die Woord van God afwyk nie. Soos ons lees: "Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie" (Jesaja 8:20). Ons by die *Wêreld van Môre* herinner dikwels ons lesers en kykers: "Moet ons nie sommer net glo nie; glo u Bybel". Satan se misleidende valse profeet sal u vra om hom te glo en u Bybel *te verontagsaam.*

**U kan misleiding vermy!**

Die Bybel waarsku ons dat die duiwel 'n werklikheid is en dat hy soveel mense as moontlik wil mislei. U kan egter beskerm word teen sy invloed. Aan diegene wat ná aan Hom is, gee God die belofte dat Hy hulle van die bose sal red. Moontlik volg u die "modelgebed" wat Jesus aan Sy dissipels geleer het? Hy leer ons om te bid, "en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen" (Matthéüs 6:13).

Ja, God sal ons beskerm, maar ons moet ons deel doen. Dink aan die apostel Paulus wat die Christene in Éfese aangemoedig het: "Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug" (Efesiërs 6:10-12).

God sal Sy getroue dienskneqte geestelike beskerming gee. Geagte lesers, ek en u het daardie beskerming en krag van

***Vervolg op bladsy 26***

***Vervolg vanaf bladsy 9 – Die komende botsings van beskawings***

om 'n nuwe politieke orde te vestig wat voordeliger vir hulle eie belange sal wees (Maçães, bll. 121-122).

Wanneer ons vandag die tydperk van Westerse oorheersing tot 'n einde sien kom en die wêreld se swaartepunt na die Ooste verskuif, waarsku goedingeligte waarnemers: "Die opkoms van China is die potensiële bron van 'n groot oorlog tussen beskawings van wêreldmagte" (Huntington, bl. 209). Terwyl sommige nasies sal probeer om hierdie magsverskuiwing te verhoed of in bedwang te hou, sal ander nasies met die opkomende beskawings wil saamwerk. Tom Miller, Ekonomiese ontleder, herinner lesers in sy boek, *China's Asian Dream*s, daaraan dat Napoleon al tevore vir China as 'n slapende leeu beskryf het, wat die "wêreld sal skud" wanneer dit wakker word. In die komende botsing tussen beskawings wat al lank gelede in Bybelprofesie voorspel is, sal die brul van daardie leeu en sy bondgenote inderdaad oor die wêreld heen gehoor word. WvM

## Dit is Londen wat roep

# NAVO: Bewaker van vrede?

Deur Simon R.D. Roberts

Kort na die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die seëvierende geallieerdes die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) gestig. Die doel hiervan was om 'n militêre teëwig te vorm teen die Sowjet-bedreiging, met die doel om Europa se nuwe nuutgevonde vrede te beskerm. NAVO se sewentigjarige herdenking is in 2019 gevier. Sedert die stigting van NAVO, het Wes-Europa 'n ongekende tydperk van vrede en veiligheid geniet. NAVO het hom by veranderende omstandighede aangepas en sy omvang uitgebrei om diplomatieke en krisisbestuur in te sluit. Sy lidmaatskap het dramaties van 12 tot 29 lande uitgebrei en het verskeie bedreigings om te bestaan oorleef.

**'n Onvolhoubare toekoms**

Dit bring 'n paar belangrike vrae na vore. Terwyl die VSA se president, Donald Trump daarop aandring dat teësinnige NAVO-lede die ooreengekome minimum bydrae van twee persent van hulle nasionale begrotings vir verdedigingsuitgawes behoort te betaal ter ondersteuning van NAVO-bedrywighede, bevraagteken sommige lede weer die organisasie se vermoë om in sy huidige vorm te kan oorleef. Behoort die Verenigde State voort te gaan om die grootste deel van NAVO se militêre koste te dra om die vrede in Europa te verseker in die lig van verhoogde vlakke van Russiese aggressie? Behoort Europa meer te doen om vir homself te sorg? Wat gebeur indien die Europese Unie sou besluit om sy eie mededingende militêre magte te finansier indien die VSA onwillig sou wees of dalk nie kán nie, as gevolg van dringender kwessies in die Stille Oseaan? Sal NAVO altyd daar wees om die vrede van Europa te verseker of sal daar 'n tyd aanbreek wat daar nie meer 'n NAVO sal wees nie? Bybelse profesie oor hierdie onderwerp mag u verbaas. Die Bybel wys op 'n ander en meer volhoubare oplossing vir die probleme van Europa en die wêreld. Voordat ons egter na die geprofeteerde toekoms kyk, laat ons eers NAVO se verlede en huidige suksesse bekyk.

**Vryheid en sekuriteit**

NAVO se hoofdoel is om die vryheid en sekuriteit van sy lidlande te verdedig, veral dié in Europa. In 1948 is die besprekings wat tot die NAVO-alliansie gelei het, noodsaaklik gemaak as gevolg van die Sowjet se versterking van mag en invloed in Oos-Europa. Die Noord-Atlantiese Verdrag is op 4 April 1949 onderteken, met inbegrip van die omstrede Artikel 5 vir Kollektiewe Verdediging: 'n Aanval op een bondgenoot word beskou as 'n aanval op alle bondgenote. Die 12 stigterslede was België, Kanada, Denemarke, Frankryk, Ysland, Italië, Luxemburg, Nederland, Noorweë, Portugal, die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State.

Vir dekades lank, tydens die Koue Oorlog, het die NAVO-alliansie die konflik met die Sowjet-geleide Warskou Verdragslande tot 'n minimum beperk as gevolg van die naderende bedreiging van 'n kernuitwissing van albei kante – die sogenaamde MAD-leerstelling: *Mutually Assured Destruction!* Teen die 1960's, met kernafskrikmiddels in plek, het NAVO wesenlik besef dat hulle bestaan noodsaaklik is om die kerngelykheid van die VSA-Sowjet-lande te verseker. Met relatiewe vrede, as gevolg van NAVO se beskerming, was die nasies van Europa vry om nadere ekonomiese, sosiale en politieke bande te versterk deur die EU te vorm.

Interne konflik binne NAVO het die reaksies belemmer vir beide die oprigting van die Berlynse Muur van 1961 asook die Sowjet-inval van Tsjeggo-Slowakye in 1968. Sulke konflikte het NAVO aangespoor om bykomende strategieë te ontwikkel om sy militêre en diplomatieke invloed te versterk. NAVO se rol het uitgebrei van "bewaker van vrede"– handhawing van die status quo van die die dooie punt tydens die Koue Oorlog – na "bevordering van vrede" in 'n wyer arena deur middel van internasionale krisisbestuur en die bestuur van politieke, ekonomiese en sosiale verandering.

Met die ineenstorting van die Sowjet-Unie in 1989 het die

Sowjet-bedreiging stadigaan gekwyn. Dit het egter nie beteken dat NAVO ontbind kon word nie. Vrede en versoening het nog nie in Europa bestaan onder diegene wat bevry was van die Sowjet-invloed nie. Plaaslike etniese konflik het ontvlam in die Bosniese Oorlog, waartydens NAVO in 1994 die eerste skote afgevuur het en vier Bosnies-Serwiese vliegtuie afgeskiet het. Dit was 'n skending van 'n V.N.-verklaarde spersone. In Bosnië het NAVO geleer dat 'n omvattende benadering nodig was om konflik op te los en vrede te bou: Die Wêreldbank was nodig vir belegging, die EU vir regering, die V.N. om verkiesings te organiseer en NAVO-magte van hoofsaaklik Europese nasionale samestelling om volgehoue vrede op grondvlak te bou en om met die plaaslike bevolking te identifiseer.

In die moderne era van internasionale terrorisme het NAVO se fokus verskuif van Europa en die Noord-Atlantiese Oseaan na die bron van huidige bedreigings. Huidige pogings om vrede te bewaar, sluit diplomatieke sendings in Kosovo, Irak en die Middellandse See sowel as lugpolisiëringsdienste in die Afrika-Unie. NAVO het V.N. van 2003 tot 2014 die Internasionale Veiligheidbystandsmag (ISAF) in Afganistan gelei, ná die geallieerde ingryping en sekuriteit oorgedra aan Afgaanse owerhede. Dit het 50 NAVO-personeellede en -vennootnasies ingesluit. Meer as 'n duisend NAVO-personeellede het hulle lewens gedurende hierdie tyd verloor. Die mens se poging om vrede te bewerkstellig, het 'n prys.

In Julie 2018 het die VSA president Trump tydens 'n NAVO-beraad in Brussel die finansiële *lasdeling* as 'n groot probleem vir NAVO beklemtoon. Hy het 'n beroep gedoen op NAVO-lande om, afgesien van vernaamste bydraers (die VSA, Duitsland, die VK en Frankryk) meer verantwoordelikheid te aanvaar vir die finansiering van hulle eie verdediging. Terselfdertyd raak Rusland, toenemend aanmatigend in Europa, deur Oos-Oekraïne binne te dring en die Krim te annekseer. Dit lei tot meer vrae. Sal NAVO nog 'n krisis kan hanteer, aangesien die VSA dreig om homself meer af te sonder en sy betrokkenheid te verminder? Sal die EU verplig wees om 'n Europese militêre mag op te bou om die vakuum te vul wat geskep is in die afwesigheid van 'n VSA militêre mag – of selfs NAVO se ondergang?

**Geprofeteerde weg na vrede**

Die *Wêreld van Môre* skryf lank reeds oor 'n Europese Diermoondheid wat in die boek Openbaring beskryf word, wat tien konings of nasionale leiers insluit (Openbaring 17:12-13). Eindtydse Bybelse profesie dui aan dat nie NAVO of enige ander militêre mag, in staat sal wees om blywende vrede in Europa te kan bewerkstellig of in stand sal kan hou nie. Die Bybel verklaar in Jesaja 59:8 dat die mensdom "hul paaie krom maak" en dat die mense nie die weg na vrede ken nie. Die Bybel gee ook die rede waarom. As nasies, vrees en gehoorsaam ons nie vir God nie (Romeine 3:17-18). Ons probeer om vrede met oorweldigende mag te bewerkstellig en inderdaad is dit dikwels die enigste ding waarop tiranne sal reageer, maar dit is nie die blywende oplossing nie.

Jesus Christus die Messias sal na hierdie oorlogverskeurde aarde terugkeer om die uitwissing van die hele mensdom te voorkom, as gevolg van die botsings tussen die supermoondhede in die Midde-Ooste, waarby Rusland, China en die Europese Diermoondheid betrokke sal wees tydens die hoogtepunt van die komende Groot Verdrukking (Matthéüs 24:22). Hy gaan nie die magte van NAVO of enige ander menslike mag gebruik om ware vrede te bewerkstellig nie. Net die ingryping van die Vredevors, wat 'n verheerlikte leër van diegene wat Hom vrees en gehoorsaam, lei, kan 'n rampspoedige oorlog verhoed en 'n ongekende tyd van wêreldvrede inlei. Openbaring 17:14 sê vir ons: "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou."

Die Almagtige God is die enigste Een wat werklik weet hoe om volhoubare vrede te bou – n feit wat die baie opregte individue wat in NAVO dien, in die toekoms ten volle sal kan waardeer. Vir meer inligting oor die wêreldgebeure vlak voor ons, lees ons boekies *Die Dier van Openbaring* en *Armageddon en daarna,* aanlyn of kontak die streekkantoor naaste aan u vir 'n gratis kopie. Kontakbesonderhede verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif.

WvM

# Vrae & Antwoorde

## Kan Christene enigiets eet wat hulle wil?

**VRAAG:** Jesus het gesê: "Begryp julle nie dat alles wat van buite af in die mens ingaan, hom nie onrein kan maak nie, omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag, en dit gaan in die heimlikheid uit en maak al die voedsel rein?" (Markus 7:18-19). Beteken dit dat Christene enigiets kan eet wat hulle wil?

**ANTWOORD:** Mense gebruik soms Markus 7:18-19 as regverdiging om voedsel wat hulle verlang te eet wat deur die Bybel "onrein" genoem word. Dit is egter belangrik om hierdie vers in konteks te verstaan om waarlik te begryp wat Christus die mense geleer het.

Let op na die verse wat net daarna volg: "En Hy sê: Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein. Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein" (verse 20-23).

Dit is duidelik dat Jesus klem gelê het op die belangrikheid van goddelike optrede. Hy het egter ook na voedsel verwys. Let op die parallelle weergawe van hierdie opdrag in Matthéüs 15. Hier verduidelik Christus – in die konteks van die handewas rituele, nie van dieet vereistes nie – "Elke plant wat My hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word" (Matthéüs 15:13). Dit was 'n les oor goddelike optrede – nie oor wat op ons middagete se spyskaart behoort te wees nie!

Indien hierdie 'n letterlike opdrag oor dieet was, behoort ons onsself af te vra: "Kan Christene vandag arseen en ander gifstowwe eet, maar verwag om nie daardeur aangetas te word nie?" Natuurlik nie! Die gedeelte sê dat alle *voedsel* deur 'n mens gaan. Dit sê egter nie dat onrein vleis as "voedsel" beskou word nie – Christus het *nie* aan ons gesê dat ons arseen kan eet nie en *ook nie* om die vleis van diere te eet wat die Skrif duidelik in Levítikus 11 as "onrein" bestempel nie.

Die apostel Petrus het hierdie begrip in Handelinge 10 bekragtig. God het aan Petrus 'n visioen van 'n laken wat uit die hemel neerdaal gegee. Op hierdie laken was sommige van die diere wat hy as "onrein" beskou het. In die visioen het 'n stem aan Petrus gesê om die diere te slag en te eet maar Petrus het geweier en God het weer met hom gepraat en gesê: "En weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie" (Handelinge 10:15).

Het Petrus dit verstaan as 'n herroeping van die wet op rein en onrein vleis? Beslis nie! Petrus het self die les van die visioen verduidelik en gesê: "God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie" (vers 28). God het die visioen aan Petrus gegee om aan te toon dat hy vir Jode sowel as heidene behoort te preek en op dieselfde wyse saam geselskap te hou. Daar is nêrens in die Bybel aangeteken dat Petrus onrein voedsel geëet het voor of na hierdie visioen nie!

'n Eindtydse profesie in die boek Jesaja toon dat wanneer Christus terugkeer, Hy oordeel sal vel oor diegene wat volhou om onrein diere te eet, met inbegrip van die mense wat "varkvleis eet" (Jesaja 66:17). Indien Christus mense werklik veroorloof om varkvleis te eet, sal hierdie profesie nie sin maak nie, tensy ons aanvaar dat Christus beplan om mense te straf omdat hulle Hom gehoorsaam!

Die Bybelse wette met betrekking tot rein en onrein vleis, is nie slegs 'n manier waarop God Sy volk afsonder nie. Dit is wette wat die fisiese gesondheid van diegene beskerm wat dit gehoorsaam. Soos *Eerdman's Handbook of the Bible* ons herinner: "Hierdie lyste [van rein en onrein diere] het 'n betekenis wat dikwels geïgnoreer word. In plaas daarvan om vol fiemies en voorkeure te wees, beklemtoon hierdie lys 'n feit wat nie ontdek is tot laat in die vorige eeu nie ... dat diere siektes dra wat gevaarlik vir die mens is" (bl. 176). Diegene wat God se Wet nou gehoorsaam, kan die seëninge ervaar wat Hy Hom voorgeneem het vir Sy skepping.

Om meer te leer van die Bybel se wette van rein en onrein vleis en hoe dit u fisies en geestelik kan help, skryf asseblief aan die Streekkantoor naaste aan u (sien die lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) en vra u gratis eksemplaar van ons artikel aan, "Wil u dít werklik eet?" Deur God se dieetriglyne te volg, mag u gesondheid en u lewe, verander! WvM

# Die werke

## Ons maan: Getroue getuie in die lug

Ongeveer 3,000 jaar gelede het die antieke volke van Israel hulleself in 'n posisie bevind om Egipte te verlaat – bevry van die bande van slawerny. Hulle God het die nasie wat hulle in gevangenskap aangehou het, verwoes en hulle uit daardie land uitgelei om Hom te ontmoet – om 'n verbond met Hom te sluit en hulle as Sy volk te vestig.

Terwyl hulle getrek het, het 'n vol maan in die lug bo hulle geskyn – 'n kosmiese getuie van die betekenisvolle gebeurtenisse wat besig was om daar onder plaas te vind.

Die maan is trouens 'n getuie van méér as die gebeure van die menslike geskiedenis. Dit getuig ook van die Skepper en illustreer die besondere aandag wat Hy aan ons planeet gee asook die lewe wat Hy daarop geskape het.

**'n Unieke kosmiese verhouding**

Sommige wetenskaplikes skat dat moontlik slegs net een persent van die planete in ons heelal, natuurlike satelliete het wat so belangrik is soos ons planeet s'n. Trouens, in ons sonnestelsel is die verhouding tussen die aarde en sy enkele maan uniek – 'n afwyking van wat ons sou verwag op grond van ons huidige teorieë met betrekking tot die formasie van die planeet en wat ons by ander planete sien. Die maan is ongeveer net 'n kwart van die grootte van die Aarde maar nogtans is dit 'n geweldige groot verhouding in vergelyking met ander planete en mane. Dit is in verhouding vyf keer groter as Triton, Neptunus se maan, wat die tweede grootste in ons sterrestelsel is.

Omdat ons satelliet relatief swaar is, is die effek daarvan op ons planeet betekenisvol en waarneembaar in die alledaagse lewe. Die opvallendste hiervan is waarskynlik die effek wat dit op die getye van ons oseane het. Meer as 50% van die verskil wat ons ondervind tussen hoog- en laagwater is te wyte aan die aantrekkingskrag van die maan op die aarde se water.

Die grootste gety-verskille in die wêreld kom by die *Bay of Fundy* in Kanada voor, waar die verskil tussen laag- en hoogwater meer as 50 voet, of 16 meter, kan bereik! Die ontsaglike, rotsagtige kranse daar is 'n getuie van die krag van die getye om die land langs die kuslyn te vorm. Die erosie van die grond wat deur die wisselende getye veroorsaak word, stel lewensvriendelike minerale en voedingstowwe in die seewater vry. Die lewenspatroon in ons kusstreke word grootliks beïnvloed deur die sikliese natuur van die getye. Ingenieurs werk daaraan om maniere te vind en in te span om die energie van gety-veranderings te benut vir opwekking van krag wat ons op land kan gebruik.

Die voortdurende verandering van ons planeet wat deur die maan veroorsaak word, hou nie by ons oseane op nie. Geoloë het gevind dat selfs die vaste aarde beweeg en bult op 'n gety-agtige wyse as gevolg van die maan se swaartekrag. Terwyl die effek dalk nie so waarneembaar is nie, moet hoogs sensitiewe instrumente ontwerp word met inagneming van hierdie veranderende "aards-getye" soos byvoorbeeld sommige deeltjie-versnellers.

**'n Stabiliserende Hand en Bron van wonder**

Baie wetenskaplikes glo dat ons unieke maan 'n beduidende rol speel om die draai van die aarde om sy eie as te stabiliseer.

In verhouding tot ons wentelbaan om die son, is die as van die aarde effens gekantel – sowat 23.4° vanaf vertikaal. Hierdie kanteling veroorsaak die siklus van die seisoene, namate energie van die son die aarde se oppervlak teen verskillende hoeke tref met die verloop van die planeet se jaarlange wenelbaan.

Wetenskaplikes glo egter dat hierdie kanteling kon ontwikkel tot 'n wilde en geweldige

# van Sy hande

geskud met dramatiese gevolge op ons klimaat, sou dit nie wees vir die stabiliserende invloed van die maan se swaartekrag nie. Selfs indien die kanteling met slegs 10° sou toeneem, sal die seisoene, siklusse hê met dramatiese temperatuur-uiterstes. Groot gedeeltes van elke halfrond sou vir maande lank gehul gewees het in ononderbroke warm sonlig of vriesende skaduwee vir maande aaneen. Die maan dien as die aarde se gravitasie herder en hou die planeet se hoek van kanteling binne 'n gematigde reikwydte wat voorsiening maak vir lewens-onderhoudende seisoene terwyl dit ook 'n stabiele wêreld-klimaat in stand hou.

Die maan is egter spesiaal, bo en behalwe sy rol in die regulering en volhouding van lewe op aarde. Dit verryk ook daardie lewe.

In hulle bekende "*Privileged Planet*" hipotese teken Jay W. Richards en Guillermo Gonzales aan dat baie van die eienskappe van die aarde onwaarskynlik is op maniere wat nie net lewe moontlik maak nie maar verskaf ook aan die mensdom die geleentheid om wetenskaplike ontdekkings te maak en die kosmos rondom ons waar te neem. Hulle argument is dat so 'n reëling daarop dui dat ons heelal "ontwerp is vir ontdekking" en die maan is 'n goeie voorbeeld van daardie ontwerp.

Enige persoon wat al ooit 'n algehele sonsverduistering waargeneem het, kan getuig, dit is 'n wonder om te beleef. Wanneer die maan die son verduister en 'n gedeelte van die aarde dan in skaduwee gehul is, is dit asof die dag in nag verander. Sterre verskyn in die lug, nagvoëls begin met hulle melodieë en 'n unieke 360° "sonsondergang"-effek word op die horison gesien wat die donker lug daarbo omraam. By die fokuspunt van die sonsverduistering waar die son behoort te wees, sien mens iets wat soos 'n swart gat in die uitspansel lyk – die donker, vormlose silhoeët van die maan, wat die son heeltemal blokkeer en die gewoonlik onsigbare sonkrans soos 'n kroon dra.

So 'n skouspel is slegs moontlik as gevolg van 'n hoogs onwaarskynlike kombinasie van faktore: 'n Maan wat *presies* die regte grootte is, *presies* die regte afstand en in *presies* die regte posisie is. Geen ander planeet in die sonnestelsel geniet so 'n skouspel nie en tog kom dit gereeld voor op die een planeet met intelligente wesens wat in staat is om dit te waardeer en om daarvan te leer.

Gebeurtenisse soos verduisterings toon aan ons die doel en ontwerp van die maan. In die bladsye van die boek Génesis verklaar God dat hy die maan daar gestel het as deel van "die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare" (Génesis 1:14). Soos die "klein lig om te heers oor die nag" (vers 16) die maan en sy siklus die mens voorsien van 'n instrument om die verloop van tyd op te teken en te meet.

Sommige kulture het die maan valslik aanbid. Die maan behoort egter nie aanbid te word as een of ander soort godheid nie. Dit behoort eerder waardeer te word as 'n geskenk aan die mensdom van die Een wat aanbid *moet* word.

**God se "getroue getuie in die hemelruim"**

Die mensdom het meer as 50 jaar gelede sy voete op die maan gesit, maar sedert die laaste Apollo-sending in 1972 het ons dit nie weer besoek nie.

Tog gaan die maan voort om ons steeds te besoek. Toe die Psalmdigter Etan, die Esrahiet, geïnspireer was om God se gedagtes oor die afstammelinge van koning Dawid aan te teken, het hy geskryf: "Soos die maan sal hy vir ewig vasstaan, en die getuie in die hemel is getrou" (Psalm 89:38). Dit was waarlik 'n getroue getuie. Die hele geskiedenis van die mensdom het op ons planeet plaasgevind terwyl die maan stilweg bokant

ons wag gehou het – 'n getuie wat gehoorsaam is aan die verordeninge wat deur sy Maker ingestel is (Jeremia 31:35).

Met die noukeurige ontwerp, die voordelige invloed daarvan en sy presiese plasing, dien die maan as 'n getuie van die deernis en besorgdheid wat ons Skepper vir die werke van Sy hande het.

***—Wallace Smith***

*Vervolg vanaf bladsy 20 – Die duiwel se dodelike misleidings*

God nodig! Ons moet egter ons deel doen! Wat is daardie deel? "Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God" (Efesiërs 6:14-17).

Ja, u kan die goddelose een oorwin deur die Woord van God te ken en daarvolgens te leef. Die apostel Jakobus gee aan ons hierdie bemoedigende belofte: "Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!" (Jakobus 4:7-8).

U kan die versoekings, uitdagings en misleidings van die okkulte en valse godsdiens oorwin. Die apostel Paulus moedig ons aan: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Filippense 4:13). Mag God u in staat stel om in geloof vorentoe te gaan. Mag u leef, nie deur die donker misleidings van hierdie wêreld nie, maar deur die lig van die Waarheid, God se Woord!

Laat ons almal uitsien na hierdie toekomstige aankondiging: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Ons sien uit na die dag wanneer die duiwel verslaan sal wees en vir eens en vir altyd na die Poel van Vuur gewerp sal wees (Openbaring 20:10). Maar die heel meeste sien ons uit na die koms van die Koning van die konings, Jesus Christus, wat weer na hierdie aarde sal kom om blywende vrede, voorspoed en ware lig in 'n donker wêreld te bring. WvM


# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê! Dit is lewensbelangrik.***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

onbepaald aan die EU sou verbind, maar sonder enige invloed op die EU-reëls. Hulle glo dat die aanvaarding van daardie ooreenkoms erger sou wees as om in die EU te bly, 'n feit waarmee die "*Blyers*" [*Remainers*] saamstem. Die gevolg was 'n dramatiese nederlaag vir die uittreeplan.

Baie mense in Noord-Amerika sien nie die gevare raak wat aan die broei is aan die ander kant van die Atlantiese Oseaan nie. Sal daar op die laaste minuut 'n soort ooreenkoms tussen Brittanje en die Europese Unie saamgeflans kan word of sal daar geen ooreenkoms wees nie, wat deur sommige mense 'n "harde Brexit" genoem word? Die antwoorde sal waarskynlik baie duideliker wees teen die tyd dat u hierdie artikel lees, maar dit maak nie saak na watte kant die wiel draai nie, een ding is amper seker: Brittanje se teenwig van mag op die vasteland asook die gematigde invloed, sal aansienlik daal.

Daar is baie vrae. Wat sal met die Britse ekonomie gebeur? Daar is verskillende menings en slegs die tyd sal antwoorde verskaf. Wat sal met die Duitse ekonomie gebeur? Twintig persent van Duitsland se motor-uitvoere het in 2016 na Brittanje gegaan. 'n *Irish Times*-artikel het hierdie voorspelling op die vooraand van die 16de Januarie se parlementêre stemmery gepubliseer: "'n Geen ooreenkoms Brexit, kan chaos vir Duitsland se belangrike vervaardigings- en uitvoersektore meebring" ("*Germany's united front on Brexit crumbles ahead of London's Tuesday vote" Irish Times.com*, 15 Januarie 2019). *Cyprus Mail Online* het saamgestem: "'Die gevolge van 'n "geen ooreenkoms" sou noodlottig wees,' het die VDA Duitse motorvervaardigersvereniging na die stemming gesê" ("*German carmakers warn hard Brexit would be 'fatal'" Cyprus-Mail.com*, 16 Januarie 2019).

Indien die Duitse ekonomie sou wankel, watter effek sal dit op swakker Europese ekonomieë hê? Let op hierdie baie kommerwekkende gevolgtrekking van 'n verslag met die titel "*All or Nothing*" van *German-Foreign-Policy.com*:

> In die geval van 'n "harde" Brexit [geen ooreenkoms], mag die Duitse bedryf verliese lei van tot in dubbelsyfer miljarde ... Die Duitse owerheid maak staat op 'n "alles of niks" beleid – 'n grondbeginsel wat 'n karaktereienskap van Berlyn se buitelandse beleid gebly het vir byna 150 jaar – **wat Duitsland twee keer in duie laat stort het, om nie te praat van die skade wat aan buurlande veroorsaak was nie** (13 Desember 2018, klem bygevoeg).

**Die Bybel bied insig!**

Hierdie Werk voorspel al dekades lank – gebaseer op Bybelse profesie – dat Brittanje nie deel sal wees van die eindtydse diermoondheid wat in Europa sal opstaan kort vóór Jesus Christus se Wederkoms nie. Brittanje mag op een of ander manier deel wees van 'n groter ekonomiese unie, maar dit sal nie deel wees van die vereniging van tien "konings" wat "een gesindheid" het en ... "hulle krag en mag [sal] oorgee aan die dier" nie. Daardie eensgesindheid sal van korte duur wees. Dit mag aan die begin goed lyk, maar sal lei tot verwoesting op groot skaal en eers tot 'n finale einde kom wanneer die Koning van die konings weer kom om die mensdom van selfvernietiging te red (Openbaring 17:12-14; Matthéüs 24:21-22).

Bybelprofesie openbaar dat daar tien konings (heersers of moontlik lande) in Europa sal wees wat aan die einde van hierdie tydperk "hulle krag en mag [sal] oorgee aan die dier" (Openbaring 17:12-13). Dit openbaar ook dat hierdie bondgenootskap broos sal wees (Daniël 2:41-43). Duitsland is niemand anders as die moderne afstammeling van antieke Assirië nie en sal die kern van hierdie eindtydse mag wees. (Vir verdere besonderhede, sien ons artikel van Julie-Augustus 2018 "Wat word vir Duitsland geprofeteer?"). Daarenteen is die Verenigde Koninkryk deel van die huis van Israel. Dit word in meer besonderhede verduidelik in ons openbarende boekie "*Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?".*

Lande gee gewoonlik nie "hulle krag en mag" aan 'n ander nasie nie. Daar is 'n krisis aan die kom wat sal veroorsaak dat die Europese Unie soos ons dit ken, verander sal word. Die Trump-administrasie oefen druk uit op Duitsland om meer aan verdediging te bestee en het gedreig om uit NAVO te onttrek. Soos die cliché gaan, "Wees versigtig waarvoor u wens".

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

Op 7 Januarie 2019 het die besigheidsafdeling van *The Telegraph* 'n kommerwekkende vraag in een van sy artikels gevra: "Is hierdie die jaar wat die wêreld uitmekaar gaan val?" Nadat dit die feite uiteengesit het en bespiegel het dat die wêreld heel waarskynlik deur 2019 sal voortsukkel, eindig die artikel deur te sê: "Die Westerse liberale orde wat ons aan die einde van die Koue Oorlog as vanselfsprekend aanvaar het, is onder 'n bestaansbedreiging" en verwys na die opsomming wat deur 'n globale groep ontleders verskaf is: "Ons stel ons bloot aan probleme op die pad verder – groot probleme". Dit sal wys wees om waaksaam te wees namate hierdie legkaartstukke in mekaar pas.



# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**